O 32
A

HUMANITAS
RGN • HSRC

# *die plek van die ouergemeenskap in die onderwysstelsel*

001.3072068 HSRC O 32

*raad vir geesteswetenskaplike navorsing*

| Klasnr./Class No. | Registernr./No. |
| --- | --- |
| 001.3072068 HSRC O 32 | 43081/1 |

# RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

Privaatsak X41, Pretoria 0001, Republiek van Suid-Afrika

Telefoon: 48-3944 Telegramme: RAGEN

**President:** Dr. A.L. Kotzee
**Vise-presidente:** Dr. J.D. Venter en dr. A.J. van Rooy
**Sekretaris-tesourier:** B.H. Steÿn, M. Comm., M.B.A., A.C.I.S., L.I.A.H.

## INSTITUTE VAN DIE RGN

Geskiedenisnavorsing
Inligting en Spesiale Dienste
Kommunikasienavorsing
Mannekragnavorsing
Navorsingsontwikkeling
Opvoedkundige Navorsing
Psigometriese Navorsing
...ologiese, Demografiese en Kriminologiese Navorsing
...iese Navorsing
...ere en Kuns
...e

## ...E RGN

...rder en koördineer navorsing op die gebied ...dien die Regering en ander instansies van ...an navorsingsbevindinge en versprei ...etenskappe.

043081

HUMANITAS
RGN • HSRC

RGN-BIBLIOTEEK
HSRC LIBRARY

VERVALDATUM / DATE DUE

2844363866

001.3072068 HSRC O 32

*051096*

*SUID-AFRIKAANSE RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING*

# *DIE PLEK VAN DIE OUERGEMEENSKAP IN DIE ONDERWYSSTELSEL*

D.L. HATTINGH, B.A., M.Ed.

*INSTITUUT VIR OPVOEDKUNDIGE NAVORSING*

*DIREKTEUR: J.B. HAASBROEK*

*PRETORIA*

*1978*

Verslag nr. **0-32**

Kopiereg voorbehou
Available in English
Prys: R2,70

ISBN 0 86965 518 3

# VOORWOORD

Die Wet op die Nasionale Onderwysbeleid, Wet no. 39 van 1967 maak daarvoor voorsiening dat aan ouers aandeel aan die onderwys van hulle kinders gegee moet word by wyse van onder andere ver= teenwoordiging op ouer-onderwysersverenigings, skoolkomitees, beheerrade of skoolrade. Ter uitbouing van die inhoud van hierdie wet en met die oog daarop om die "plek" van die ouers nader toe te lig, het die Nasionale Onderwysraad die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing versoek om navorsing in dié verband te onderneem.

Daar is seker min onderwysaangeleenthede wat van so 'n kontensieuse aard is as die medeseggenskap van ouers by die onderwysgebeure. Enersyds is daar die onontkenbare gronde waarop die ouer sy aanspraak op medeseggenskap regverdig, te wete sy primêre opvoedingsverantwoordelikheid en sy gebondenheid as Christen aan die Doopgelofte. Andersyds is daar die aanspraak van die onderwys op outonomie en op die nie-inmenging van ouers in 'n suiwer professionele aangeleentheid.

Om 'n kompromie te vind tussen genoemde moontlikhede is gewis geen maklike taak nie. Nogtans is daar in die verlede pogings in dié verband aangewend en maak die meeste bestaande onderwys= praktyke ook in mindere of meerdere mate vir ouermedeseggenskap voorsiening.

Hierdie studie poog om die aangeleentheid te deurskou en enkele sinvolle aanbevelings in dié verband te doen.

A. L. Kotzee
PRESIDENT

RGN BIBLIOTEEK LIBRARY HSRC
1979-06-14
STANDKODE 001.3072068 HSRC O32
REGISTERNOMMER 043081
BESTELNOMMER

# INHOUD


| | | BLADSY |
|---|---|---|
| SUMMARY/OPSOMMING | | iv |
| HOOFSTUK | | |
| 1 | INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING | 1 |
| 1.1 | Inleiding | 1 |
| 1.2 | Probleemstelling | 1 |
| 1.3 | Metode van ondersoek | 3 |
| 1.4 | Verloop van die ondersoek | 4 |
| 2 | DIE VERANTWOORDBAARHEID VAN OUER= SEGGENSKAP IN DIE ONDERWYSPRAKTYK | 6 |
| 2.1 | Inleiding | 6 |
| 2.2 | Die taak van die ouer met betrekking tot die opvoeding van sy kind | 6 |
| 2.3 | Die taak van die skool met betrekking tot die opvoeding van die kind | 9 |
| 2.4 | Die verhouding tussen die opvoedingsverant= woordelikheid van die ouer en die skool | 11 |
| 2.5 | Skoolse aangeleenthede ten aansien waarvan die ouers moontlik op medeseggenskap aan= spraak kan maak | 13 |
| 2.6 | Samevatting | 15 |
| 3 | DIE PLEK WAT AAN DIE OUERGEMEENSKAP IN DIE ONDERWYSSTELSELS IN SEKERE OORSESE LANDE TOEGEKEN WORD | 18 |

| HOOFSTUK | | BLADSY |
|---|---|---|
| 3.1 | Inleiding | 18 |
| 3.2 | Die Verenigde State van Amerika | 18 |
| 3.3 | Oos-Duitsland | 21 |
| 3.4 | Nederland | 25 |
| 3.5 | Ouerseggenskap in die onderwys in België | 30 |
| 3.6 | Samevatting | 34 |
| 4 | SEKERE HISTORIESE MOMENTE OM DIE AARD VAN DIE VERLOOP VAN DIE OUER= AANDEEL IN DIE ONDERWYSSTELSELS IN SUID-AFRIKA TE ILLUSTREER | 36 |
| 4.1 | Inleiding | 36 |
| 4.2 | Die wyse waarop die ouers betrek is in die stigting, beheer en onderhoud van skole in die Kaapse onderwyswese 1652 - 1910 | 36 |
| 4.3 | Die aandeel van die ouer in die skole in die tyd van die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) | 39 |
| 4.4 | Die wyse waarop die ouers in die Natalse onderwys betrek was | 41 |
| 4.5 | Die wyse waarop die ouers betrek was in die onderwysstelsel van die Oranje-Vrystaat | 44 |
| 4.6 | Samevatting | 47 |
| 5 | BESTAANDE INSTELLINGS WAT VIR DIE OUERGEMEENSKAP 'N AANDEEL BIED IN DIE ONDERWYSSTELSELS VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA | 49 |

| HOOFSTUK | | BLADSY |
|---|---|---|
| 5.1 | Inleiding | 49 |
| 5.2 | Transvaal | 49 |
| 5.3 | Die Oranje-Vrystaat | 57 |
| 5.4 | Kaap die Goeie Hoop | 60 |
| 5.5 | Natal | 62 |
| 5.6 | Suidwes-Afrika | 63 |
| 5.7 | Ouer- of ouer-onderwyserverenigings in die RSA | 65 |
| 6 | SAMEVATTING EN AANBEVELINGS | 68 |
| 6.1 | Samevatting | 68 |
| 6.2 | Aanbevelings | 76 |
| 6.3 | Slotopmerking | 83 |
| | LITERATUURLYS | 84 |

# SUMMARY

The co-responsibility for the formal and formative education of his child, to which every parent lays claim, is based on the fact that he is, from the outset, responsible for this education. This responsibility is consequently not an institution created by man but has been thus ordained. It is of much greater significance for the Christian parent who, in his baptismal vow, accepted the responsibility of caring for his child's religious education. It is thus justifiable to state that every parent has the right to have a say in the school education of his child.

An exploratory literature study revealed that, in overseas countries, the parent's participation in this regard is characterised by the establishment of statutory parent or parent-teacher bodies. Although the part played by the parent differs in practice in the various countries, it is significant that all the countries which were involved in the investigation accord great importance, in principle, to the place of the parent in the system of education. Even East Germany, which is representative of the Communist world, boasts parent bodies. It would thus appear that the importance of participation on the part of parents in education is generally realised. As regards more intimate contact between parent and teacher, important work is done, particularly in the USA, by the so-called Parent-Teacher Association (PTA).

From the earliest times, the existence of school committees or commissions was a fairly general phenomenon in the school system in South Africa. There is some doubt about the effective functioning of these commissions or committees but the fact that they were instituted is proof of the view that parents should have a say in education. The socio-economic, political and cultural pattern of life during the colonial and republican eras in the early history of South Africa was of such a nature that active participation by parents in such bodies could not reach full fruition. The tradition of parental participation in the past nevertheless became established to a large extent and has contributed towards giving parental co-participation in this country a character of its own, as opposed to that of other countries.

The situation is at present such that, in all the provinces of the RSA, provision is made for statutory bodies on which parents may serve. As a result of historical differences, however, there is no uniformity in respect of the appointment and functioning of these bodies in the various provinces. Furthermore, the duties and powers of the parent bodies are not always clearly defined.

In view of the fact that the part of the parent in education is his undeniable democratic right, the following recommendations are made:

(1) Parental participation in education must be maintained.

(2) The existing statutory bodies which provide for parental participation should be maintained but steps should be taken to ensure greater uniformity in respect of the existence and names given to the various statutory bodies.

(3) The functions of the statutory bodies should be set out in detail and in a clear manner and the various education departments, with the exception of certain schools in the Department of National Education, should strive to maintain uniformity.

(4) All the provinces should appoint selection boards to guide the parent bodies in the recommendations which they must make with a view to the appointment of teachers.

(5) Parent-teacher associations must be established where such a need exists and principals of schools must do more to arouse interest in such bodies so that parents will be encouraged to become involved to the full in matters pertaining to education.

# OPSOMMING

Die mede-aanspreeklikheid vir die onderwysende-opvoeding van sy kind waarop elke ouer aanspraak maak, is gegrond op die feit dat hy van meet af aan die primêre verantwoordelikheid vir hierdie opvoeding dra. Hierdie verantwoordelikheid is dus geen instelling van die mens nie, maar is so beskik. Vir die Christenouer hou hierdie verantwoordelikheid 'n veel dieper klank in, aangesien hy 'n plegtige doopgelofte afgelê het waarin hy verantwoordelikheid met betrekking tot die godsdienstige opvoeding van sy kind op hom neem. Dit is dus verantwoordbaar om te beweer dat elke ouer op medeseggenskap met betrekking tot die skoolse opvoeding van sy kind aanspraak kan maak.

'n Literatuurverkenning het getoon dat hierdie ouerseggenskap in die buiteland veral vergestalting vind in die daarstelling van statutêre ouer- of ouer-onderwysersliggame. Hoewel die praktyk van die oueraandeel in verskillende lande verskil, is dit veelseggend dat al die lande wat in die ondersoek betrek is, in beginsel wel deeglik die plek van die ouer in die onderwysstelsel erken. Selfs in Oos-Duitsland as verteenwoordiger van die kommunistiese wêreld word ouerliggame aangetref. Dit wil dus lyk asof die belangrikheid van ouerseggenskap in die onderwysgebeure allerweë besef word. Wat betref meer intieme kontak tussen ouer en onderwyser, word daar veral in die VSA deur middel van die sogenaamde Parent-Teacher Association (PTA) belangrike werk gedoen.

Van die vroegste jare af was die bestaan van skoolkomitees of -kommissies 'n redelik algemene verskynsel in die skoolwese in Suid-Afrika. Die doeltreffende funksionering van hierdie kommissies of komitees kan weliswaar bevraagteken word, maar die feit van die instelling daarvan weerspieël die opvatting dat aan die ouer seggenskap in die onderwys gegee moet word. Die sosio-ekonomiese, politieke en kulturele leefpatroon tydens die koloniale en republikeinse eras in die vroeë geskiedenis van Suid-Afrika was van so 'n aard dat aktiewe aandeel deur die ouers by dergelike liggame nie ten volle tot ontplooiing kon kom nie. Nietemin het die tradisie van die ouer=aandeel in die verlede in 'n groot mate gevestig geraak en het dit daartoe bygedra dat die wyse van ouer medeseggenskap vandag hier te lande 'n eie stempel dra wat onderskeibaar is van dié in ander lande.

Tans is die situasie so dat daar in al die verskillende provinsies van die RSA voorsiening gemaak word vir statutêre liggame waarin die ouers kan dien. Weens historiese verskille bestaan daar egter nie eenvormigheid met betrekking tot die benoeming en funksionering van hierdie liggame in die verskillende provinsies nie. Dit is ook nie altyd duidelik wat die pligte en bevoegdhede van die verskillende ouerliggame presies is nie.

In die lig van die feit dat die oueraandeel in die onderwys 'n on=ontkenbare demokratiese reg van die ouer is, word die volgende aanbevelings gemaak:

(1) Die oueraandeel in die onderwys moet gehandhaaf word.

(2) Die bestaande statutêre liggame wat vir oueraandeel in die onderwys voorsiening maak, moet gehandhaaf word, maar daar moet tot groter eenvormigheid met betrekking tot die bestaan en benaminge van die onderskeie statutêre liggame gekom word.

(3) Die funksies van die statutêre liggame moet breedvoerig en duidelik uiteengesit word en eenvormigheid moet deur die ver=skillende onderwysdepartemente met die uitsondering van sekere skole van die Departement van Nasionale Opvoeding, gehandhaaf word.

(4) Al die provinsies moet Keurrade aanstel om die ouerliggame te lei in die aanbevelings wat hulle doen met die oog op die aan=stelling van onderwysers.

(5) Ouer-onderwysersverenigings moet gestig word waar daar 'n behoefte aan bestaan en hoofde van skole moet meer doen om belangstelling by ouers in sodanige liggame te wek sodat die ouers tot optimale medebetrokkenheid by onderwys aangemoedig word.

# HOOFSTUK 1

# INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING

## 1.1 INLEIDING

Die Nasionale Onderwysraad het die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing versoek om die oueraandeel in die onderwys te ondersoek en dat die Wet op die Nasionale Onderwysbeleid die vertrekpunt moet wees. Kragtens artikel 2(1)(h) van die Wet op die Nasionale Onderwysbeleid, Wet no. 39 van 1967, word bepaal dat -

"aan die ouergemeenskap 'n plek in die onderwysstelsel toegeken moet word deur middel van ouer-onderwysersverenigings, skool= komitees, beheerrade of skoolrade of op 'n ander wyse".

Daar word in hierdie Wet na die "plek" van die ouergemeenskap in die onderwysstelsel verwys. "Plek" is as sodanig 'n ongedefinieer= de begrip, wat uiteraard in bogenoemde verband in sy figuurlike betekenis opgevat moet word. Intuïtief kan dit voorlopig gestel word dat die interpretasie wat in hierdie ondersoek aan die begrip "plek" gegee sal word, die betekenis sal hê dat met dié begrip ge= suggereer word dat die ouergemeenskap 'n "aandeel", oftewel "seggenskap" in die onderwys moet hê. Indien "aandeel" en "seg= genskap" vir die doel van hierdie ondersoek as sinonieme begrippe beskou kan word, kan die doel van die onderhawige ondersoek as die inhoudelike betekenisgewing van genoemde begrippe (spesifiek vir die situasie in die RSA) beskou word.

## 1.2 PROBLEEMSTELLING

Die voor-die-hand-liggende probleem wat tot die navorsing insake die plek van die ouergemeenskap in die onderwys aanleiding gee, is 'n praktiese een, te wete die vraag na die mees sinvolle wyse waarop daar aan die ouers of die ouergemeenskap plek, aandeel of seggenskap in die onderwysgebeure gegee kan word. Sodanige ge= manifesteerde twyfel in die bestaande praktyk is vir die wetenskap= like ondersoeker wel 'n aanleiding tot besinning, egter nie 'n gefundeerde vertrekpunt vir sy deurdenking van die probleem nie.

Alvorens die probleem beskou word wat betrekking het op die mees sinvolle wyse waarop die ouergemeenskap by die onderwysgebeure betrek kan word, moet na die gronde van sodanige vraagstelling ge= soek word en sodanige gronde is slegs te vind in die strukture wat aan ouerseggenskap in die onderwysgebeure ten basis lê. Die praktiese probleem waarna hierbo verwys is, word derhalwe terug= gevoer tot 'n teoretiese probleem, te wete die denkende soeke na die antwoord op die vraag waarop ouerseggenskap in die onderwys gegrond is. Wat betref hierdie ondersoek, om op wetenskaplikheid aanspraak te maak, kan daar dus ook nie anders te werk gegaan word nie as om eerstens na genoemde gronde te soek en dié te be= skryf alvorens die praktiese probleme breedvoeriger toegelig word.

Indien daar 'n sodanige pedagogies verantwoorde besinning wat be= tref die begronding van die ouerseggenskap in die onderwys daarge= stel is, kan daar oor die praktiese probleem gedink word. Uiter= aard behoort 'n verantwoorde begronding van ouerseggenskap in die onderwys hierdie probleem grootliks reeds te belig; maar daar kan egter na beter begrip gesoek word ten aansien van die aard en om= vang van die ouer se plek in die onderwys. 'n Verkenning van die onderskeie take van die gesin, die skool en die owerheid met be= trekking tot die opvoedende onderwys kan veel daartoe bydra om in die besonder die ouer se aandeel in dié verband te belig.

'n Besinning oor of ondersoek na die aandeel van die ouer in die onderwysgebeure stuit andersins ook teen 'n probleem van heel ander aard. Dit gaan hier om die vraag of daar na die "ouerge= meenskap" steeds in sy versamelingsverband gekyk moet word en of die ouer ook as indiwiduele belanghebbende benader moet word. Daar word dus gevra na die sin en die praktiese waarde daarvan om te onderskei tussen daardie vorme van seggenskap wat enersyds aan die ouergemeenskap en andersyds aan die indiwiduele ouer ver= skaf moet word. Wanneer die klem op die aandeel van die ouer= gemeenskap geplaas word, bestaan die gevaar dat daar by die orga= nisatoriese aspekte vasgesteek sal word. Dieper besinning ten aansien van hierdie aangeleentheid laat egter juis die mening ont= staan dat dit meer in die besonder om die ouer en die skool, dit wil sê om die besondere verhouding ouer-onderwyser behoort te gaan.

Wat betref die vorm of praktiese uitinge van die ouerandeel in die onderwys, moet voorts uitsluitsel verkry word oor die vraag of die oueraandeel tot die periferale skoolaangeleenthede soos fondsin=sameling, skoolreise en dies meer beperk moet word, en of dit van hierdie randfunksies moet deurstoot tot die kernfunksies van die onderwysende opvoeding van die skool. In dié verband sal na die grense van die oueraandeel verwys moet word, dit wil sê daardie grense wat onderskei tussen verantwoordelike, betekenisvolle by=draes van die ouers en daardie bydraes wat die formele onderwys eerder sal belemmer as aanhelp. In hierdie verband kan ook ver=wys word na die kanale waarlangs die oueraandeel in die onderwys gerealiseer kan word en die problematiek wat daaraan verbonde is.

Samevattend kan dus gesê word dat die vrae waarop in hierdie studie antwoorde verstrek moet word, kortliks op die volgende neer=kom:

(1) Op grond waarvan moet die ouer 'n plek in die onderwys=stelsel hê?

(2) Wat is die aard en die omvang van die ouer se "plek" in die onderwysstelsel?

(3) In watter vorm moet sodanige plek in die praktyk gereali=seer word?

## 1.3 METODE VAN ONDERSOEK

Die tema van hierdie studie dui daarop dat daar oor die plek van die ouergemeenskap in die onderwysstelsel van die Republiek van Suid-Afrika besin wil word. Meer in die besonder kan dit gestel word dat die plek wat aan die ouergemeenskap by wyse van ouer-onderwysersverenigings, skoolkomitees, beheerrade, of skoolrade, of op enige ander wyse gegee word, onder die soeklig geplaas wil word. Beligting van 'n sodanige onderwerp kan egter uit 'n veelheid van gesigspunte geskied en veral die volgende sal in hierdie onder=soek as perspektiewe vir besinning gebruik word:

(1) 'n Pedagogies-georiënteerde deurdenking van die verskyn=sel;

(2) 'n histories-gerigte ondersoek na oueraandeel in die onder=wys in die RSA;

(3) 'n kritiese evaluering van die status quo in die RSA wat betref oueraandeel by wyse van allerlei statutêre en nie-statutêre liggame, en

(4) 'n vergelykende ondersoek na die wyse waarop die aange=leentheid in enkele oorsese lande benader word.

In die lig hiervan kan, wat betref die metode van ondersoek, op die volgende gewys word:

(1) Uiteraard is die onderhawige 'n tema waaroor al veel ge=skryf en besin is. Dit sal dus onnodig en wetenskaplik onverant=woord wees om die probleem ab initio te wil aanpak. Derhalwe sal intensiewe literatuurstudie aangepak moet word ten einde op dié wyse lig op die probleem te werp.

(2) Wetenskaplike ondersoek verg altyd radikale en sistema=tiese deurdenking van die probleem. In dié verband sal daar gepoog word om veral by wyse van die implementering van pedagogiese essensies tot die gronde van die verskynsel van oueraandeel in die onderwysgebeure deur te dring.

## 1.4 VERLOOP VAN DIE ONDERSOEK

Hierdie ondersoek sal die volgende verloop neem:

(1) Hoofstuk 2 word aan fundering gewy. Die verantwoord=baarheid van ouerseggenskap in die onderwyspraktyk word aan die hand van gedagtes van enkele outeurs en ook by wyse van sistema=tiese refleksie bedink en beskryf.

(2) Die plek wat aan die ouergemeenskap in enkele oorsese lande toegeken word, word in hoofstuk 3 onder die soeklig geplaas.

(3) Hoofstuk 4 het betrekking op sekere historiese momente wat die aard van die verloop van die oueraandeel in die onderwys=stelsel van die RSA illustreer.

(4) Die huidige status quo ten aansien van instellings wat vir die ouergemeenskap aandeel in die onderwysstelsels van die RSA bied, word in hoofstuk 5 beskryf.

(5) Hoofstuk 6 word aan aanbevelings gewy.

# HOOFSTUK 2

# DIE VERANTWOORDBAARHEID VAN OUERSEGGENSKAP IN DIE ONDERWYSPRAKTYK

## 2.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word gepoog om 'n antwoord op die vraag te vind waarom van die veronderstelling uitgegaan kan word dat aan die ouergemeenskap 'n plek in die onderwysstelsel toegeken moet word. By die benadering van 'n probleem soos hierdie moet in gedagte ge= hou word dat sleutelbegrippe soos "ouergemeenskap" en "onderwys= stelsel" reduseerbaar is tot wat respektiewelik daaraan ten grond= slag lê, te wete "ouer(s)" en "opvoeding" of "onderwys". Sodanige insae lei tot die opvatting dat die gepostuleerde probleem herlei= baar is tot die vraagstuk wat betrekking het op die persone of instansies wat vir die kind se opvoeding (onderwys) verantwoorde= lik is of moet wees. In dié verband is daar onmiddellik die gesin (ouers) en die formele skoolse opset te onderskei, elk met sy eie besondere taak. Die vraag waarom dit in die onderhawige ondersoek gaan, is dan ook juis die verhouding waartoe gesin en skool tot mekaar moet staan, en die mate waarin die gesin nog seggenskap mag of moet hê in die gebeure wat binne die skool plaasvind. 'n Beligting van die taak van die gesin en die van die skool met be= trekking tot die onderwys en opvoeding van die kind is dus 'n im= peratief vir die verloop van hierdie studie.

## 2.2 DIE TAAK VAN DIE OUER MET BETREKKING TOT DIE OPVOEDING VAN SY KIND

Daar kan gepostuleer word dat die mensekind totaal afhanklik van die onderwysende opvoeding van 'n volwassene is. Hy is nie op blinde wyse uitgelewer aan 'n geslote wetmatigheid nie, maar sy ongeslote en onvoltooide bestaanswyse kan en moet 'n besondere bestaanswyse, te wete 'n volwasse bestaanswyse, word. Nou is dit so dat die kind vir die verwerkliking van sy moontlikhede in die eerste instansie op hulp van sy ouers aangewys is en dat die ouers spontaan verantwoordelikheid aanvaar vir die eventuele vergestal= ting van 'n bepaalde lewenswyse by die kind. Die feit dat die kind totaal hulpeloos gebore word, dat die moeder bereid is om haarself

op te offer ter wille van haar kind en dat sy 'n opvallende aangetrok=kenheid, ongevraagde toenadering en 'n diepwortelende geneent=heid teenoor haar kind openbaar, dui juis daarop dat die opvoeding van die kind van meet af aan die primêre taak van die ouer was en is. Dit is dus die gesinsituasie wat die primêre pedagogiese situasie vorm en die moeder wat, afgesien van opgelegde verplig=tinge deur die kodes en wette van 'n bepaalde kultuur of samelewing, verantwoordelikheid aanvaar vir die veiligheid, beskerming, ver=sorging en opvoeding van haar kind. Hierdie onbaatsugtige, be=langelose liefde en bereidheid tot oorgawe van die kant van die ouer is 'n uiting van die praktiese ingesteldheid van die mens. Sodanige oorgawe deur die ouer aan die belange van sy kind blyk in die diepte van menslike bestaan gegrond te wees. Immers, be=sinning en uitsprake oor hierdie verskynsel lei tot die ontdekking dat van die diepsinnigste aspekte van menswees hierin skuilgaan en gestalte kan aanneem (20, bl. 13). Die ouerpaar, by uitstek die moeder, het 'n gepredisponeerde aanleg op die versorging en beskerming van haar kind wat nie net die opvoeding begunstig nie, maar dit ook dra. Volgens Oberholzer skryf Perquin dienaangaande dat daar by die ouer 'n diepindringende aanvoelvermoë is vir die indiwiduele geaardheid van die kind, 'n liefde wat die totale waarde sien, beskerm en tot gedying help bring. Hier is dus 'n besef van persoonlike verantwoordelikheid vir die wording van die kind wat buite die menslike ratio lê. Oberholzer beweer dat "..... daar 'n drang is om hulp te verleen en om steun te gee, om sover as enig=sins moontlik is, te verhoed dat die verkeerde dinge gebeur in plaas van om dit daarna te probeer genees, om wanneer daar moeilikhede is, dié te help oplos, om gepaste ontwikkelingsmateriaal te ver=skaf, om te ontbeer en op te offer en om selfs lyding te ondergaan in belang van die kind" (21, bl. 40). Na sy oorsprong is opvoed=ing dus primêr die verantwoordelikheid van die ouer. Die ouer voel hom dan ook intuïtief vir die kind se veiligheid en tuiswees in die wêreld, asook vir die bereiking van sy bestemming aanspreeklik.

Die verhouding tussen lede van die gesin is sterker en inniger as dié in enige ander gemeenskapsvorm. Die kind het aan sy ouers sy lewe en sy persoonwees te danke op grond van die liefde wat dié twee mense verenig het. Elke kind word dus lid van 'n gesin op grond van die liefdesband wat tussen die ouers bestaan en wat boweal na sy kern persoonlik en geestelik van aard is. Die onver=

vreemdbaarheid van die plig van die ouers as natuurlike opvoeders van hulle kinders, die primaatskap en die onvervangbaarheid van hierdie ouerlike taak, wortel in die intieme, unieke, omvattende liefdeseenheid (2, bl. 15). Die kind is dus lid van die gesin en op grond van hulle ouerskap, wat geen beroep of funksie is waarvan hulle afstand kan doen nie, het die ouers die primêre seggenskap oor hulle kinders. Dit wat in die voorgaande ten aansien van die primaatskap van die ouerlike verantwoordelikheid vir die opvoeding van sy kind gestel is, geld vir alle volke of kulture en vir alle tye en derhalwe ook vir die ouers van kinders in die Republiek van Suid-Afrika.

Hier te lande spruit daar uit die lewensopvattelike en meer in die besonder uit die godsdienstige opvattinge van die ouer 'n heel be=sondere versterking voort vir die beoefening van sy verantwoorde=likheid as ouer, en wel die lewensnorme wat die Christen Suid-Afrikaner uit die Woord neem en op grond waarvan die doopgelofte afgelê word. Daarvolgens aanvaar die ouer onvoorwaardelik die verantwoordelikheid dat die opvoeding van sy kind 'n bepaalde strek=king sal hê en dat hy sal toesien dat, al sou hy die opvoeding van sy kind tydelik in die hande van 'n ander plaas, hierdie strekking gehandhaaf sal word.

Dit is seker die begeerte van elke ouer dat sy kind eventueel sy plek as selfstandige en verantwoordelike volwassene in die same=lewing sal kan vol staan, dit wil sê sy lewe sinvol sal lei by wyse van betekenisgewing aan daardie waardes wat die mens in sy be=paalde kulturele milieu as hoogs waardevol en bestrewenswaardig ag. Die wens van die ouer is, met ander woorde, dat sy kind hom volkome sal identifiseer met 'n bepaalde lewensweg en die behoor=likheidseise wat daaruit vloei. Daarbenewens is die taak van die ouer dan om hierdie wens van hom in vervulling te laat gaan by wyse van opvoedende bemoeienis met sy kind.

Vir hierdie opvoedende bemoeienis om te slaag, moet die ouer aan sekere voorwaardes voldoen. Hy moet aan sy kind veilige ruimte bied waarin en waaruit hy kan lewe (eksploreer en waag met die toekoms), rustig kan wees en gemoedsekerheid kan ervaar. Die ouer moet die kind afgegrensde ruimte teen gevare bied en daarmee ook perspektief op die toekoms. As normerkennende volwassene moet die ouer aan sy kind 'n bepaalde normsisteem as juis en goed

voorhou. Deur simpatieke gesagsleiding moet die ouer verseker dat die kind die gesag van die behoorlikheidseise sal aanvaar. Ten einde hierin te slaag, moet die ouer in 'n liefdevolle en simpatieke verhouding tot sy kind staan. Slegs in 'n intieme met-mekaar-wees wat berus op wedersydse liefde, aanvaarding en vertroue kan die ouer sy kind ten goede laat verander tot aanvaarding en begryp= ing van 'n eie genormeerde toekomstigheid en vergestalting van die opgawe van toenemende konstituering van eie indiwidualiteit.

Waar die ouer egter sy opvoedende verpligtinge (verantwoordelik= heid) aan die onderwyser oordra, wil hy die versekering hê dat die onderwyser aan die vereistes wat hy aan homself stel, wat betref die opvoeding van sy kind, sal voldoen. Die onderwyser wat in die plek van die ouer optree, moet noodwendig kennis dra van die ouer-kindverhouding. Dit kan dus nie geregverdig word dat in opvoedings= aangeleenthede opvoeders geïsoleerd optree nie. Dit verg van die onderwyser kennis van die oorspronklike situasie en van die ouer die verantwoordelikheid om toe te sien dat die opvoeding van sy kind ooreenkomstig die opvoedingsdoelstellinge geskied.

## 2.3 DIE TAAK VAN DIE SKOOL MET BETREKKING TOT DIE OPVOEDING VAN DIE KIND

In verband met die oriënteringstaak van die skool skryf Van der Stoep: "Daar kan geen twyfel oor bestaan dat die eerste bemoeie= nisse om 'n kind ten aansien van die werklikheid te oriënteer in die gesin plaasvind. Die gesin is die primêre bodem vir die ontmoet= ing, belewing en ervaring wat 'n kind ten aansien van die omring= ende werklikheid ondervind. By hierdie basiese oriënteringsarbeid is daar daarom vir die gesin geen plaasvervanger nie. Elke vorm van opvoedingsbemoeienis wat buite die gesin plaasvind, sluit dan langs bewustelike of nie-bewustelike weg aan by wat reeds in die gesin gedoen is of gedoen word. Die onderwys in al sy fasette is daarom verlengstuk van wat met 'n kind in die huis plaasvind of plaasgevind het. So is die skool en die skool se bemoeienis met 'n kind voortgesette arbeid in die lig van die opvoeding wat 'n kind reeds in die huisgesin ontvang het. As verlengstuk van die huisge= sin lê dit die skool dan ook ten laste om die oriënteringsarbeid wat reeds van kleins af deel van die kind se opvoeding is, te voltooi aan die hand van besondere doelstellings en besondere inhoude"

(30, bll. 88 en 89).

Die skool as instelling het dan sy ontstaan te danke aan die feit dat die opvoedingstaak vir die ouer te omvattend geword het as ge= volg van die toename in kompleksiteit van die kultuur. In hierdie lig gesien, kan die skoolsituasie derhalwe as sekondêr bestempel word. Nogtans kan die skool nie los van die huis staan nie. Die kontinue lyn van die opvoedingsbemoeienis koppel huis en skool as 'n onverbreekbare eenheid en toon tegelyk onmisbaar die op= voedingskarakter van die skool (30, bl. 118).

Die onderwyser behartig dus nie net een bepaalde aspek, naamlik die onderwys van die kind, nie. Insgelyks voed die ouer nie alleen die kind op nie. In die onderrigtende bemoeienis is die opvoedings= moment geleë, en in die opvoeding van die kind staan die onderrig.

So is die onderwyser en ouer gesamentlik besig om die opvoeding van die kind tot verwerkliking te bring en is samewerking dus ge= biedend noodsaaklik. Die opvatting dat onderwys in die skool tuis= hoort en opvoeding slegs 'n gesinstaak is, is derhalwe nie aanvaar= baar nie. In dié verband skryf Fourie: "Die skool en huis vorm 'n eenheid en daar mag nooit 'n gevoel van antipatie of antagonisme bestaan van die een teenoor die ander nie. Omdat opvoedingswerk die ouerlike taak bly, verwag hy dat die skool en die onderwyser sy taak op díeselfde manier moet voortsit as wat hy dit self doen" (5, bl. 157).

Kiestra beweer dat 'n skool wat hom verlaag tot 'n instituut van onpersoonlike wete, tegniese kennis en vaardigheid en verder slegs as seleksieapparaat ter sortering van "dommes" en "slimmes" op= tree, nie kan reken op baie belangstelling van die ouers nie, be= halwe ten tyde van rapport-uitdeling en oorplasing. So 'n skool is 'n onding. 'n Skool wat die behoeftes van die kind in aanmerking neem, wat nie slegs ter wille van kennis bybring nie, maar aan die vormgewing van 'n menselewe saam met die ouers arbei, sal nie nodig hê om te kla oor 'n tekort aan belangstelling nie. Indien ouers die geleentheid gegee word om met hulle kinders en met die medewerkers aan 'n skool mee te lewe, mee te dink en mee te beleef, sal daar miskien oor te veel belangstelling gekla kan word. So 'n klagte is egter altyd ongegrond omdat belangstelling - nie bemoeisiekheid nie - bewys dat skool en gesin 'n lewende gemeen=

skap vorm. Sodanige opvoedingsgemeenskap is noodsaaklik, om= dat daar ten opsigte van die opvoeding van die kind 'n gemeenskap= like verantwoordelikheid bestaan (14, bll. 186-187).

## 2.4 DIE VERHOUDING TUSSEN DIE OPVOEDINGSVERANT= WOORDELIKHEID VAN DIE OUER EN DIE SKOOL

In die voorgaande paragrawe is daarop gewys dat die ouers die primêre verantwoordelikheid vir die onderwysende opvoeding van hulle kinders moet dra. Die taak van die skool is in dié verband dan sekondêr, maar nogtans van besondere belang aangesien die ouers gehelp moet word waar die onderwysende opvoeding vir hulle te gekompliseerd geword het. Die taak van die ouer en onderwyser kan dus nie geskei word nie en loop steeds parallel naas mekaar. In hierdie parallelle deelname moet albei gerig wees op dieselfde inhoudelike opvoedingsdoel en alhoewel daar verskille sal bestaan op grond van die bydrae wat elkeen lewer, sluit die opvoedings= verantwoordelikheid van die een nie dié van die ander uit nie.

Probleme kan ontstaan wanneer die primêre verantwoordelikheid van die ouer misken word en die skool geïsoleerd van die ouer optree en daar selfs van die basiese opvoedingsdoel van die ouer en ouergemeenskap afgewyk word. In Suid-Afrika kan die ver= engelsingsbeleid van Somerset en later dié van Milner as voorbeeld dien.

Aan die ander kant het die skool die taak om leerlinge voor te berei om hulle plek in 'n dinamies, snel ontwikkelende maatskappy met sy ingewikkelde strukture wat vir die ouers soms nie meer deursigtig is nie, in te neem. Probleme kan dan ook ontstaan wanneer die oningeligte vir deskundiges voorskryf hoe daar byvoor= beeld les gegee moet word. Wat die saak dan nog meer kompli= seer, is dat sommige ouers nie by magte is om hulle verpligtinge in die lig van die eise van die maatskappy in te sien of na te kom nie. Hiermee word geensins bedoel dat die onderwys vermaat= skaplik moet word nie, maar wel dat die maatskappy sekere eise stel wat nie verontagsaam kan word nie. Die plek wat dus aan die ouer in die onderwysstelsel toegeken word, sal sodanig moet wees dat daar in die praktyk geleenthede geskep word vir wedersydse oorlegpleging sodat dit moontlike wedersydse beïnvloeding tot ge=

volg sal hê.

'n Verdere probleem wat in hierdie verband die aandag verdien, is die invloed wat teenstrydige norme uit die huis en skool op die kind uitoefen. Otto Kampmüller wys daarop dat vir die kind die disharmonie tussen ouer en onderwyser nie onbeduidend is nie (13). Die jong kind kan so verwar word dat hy permanent 'n onsekere houding ten aansien van sy keuse tussen norme inslaan. Daarom is dit belangrik dat die kind wat daagliks in die gesin en in die skool leef, 'n gesindheid by ouer en onderwyser vind wat nie teen= strydig met mekaar is nie. Die ouer kan ook deur affektiewe ver= waarlosing as pedagogiese verwaarlosing van sy kind die onderwyser se taak bemoeilik deurdat die kind se leergerigtheid en affektiewe gewilligheid om normatiewe betekenisgewing te waag, aan bande gelê word.

Dit is seker dan ook in die lig van hierdie probleme dat Kiestra (13) en Langeveld (15) 'n pleidooi lewer om die gemeenskap meer be= wus van sy opvoedingstaak te maak deur die stigting van wat hulle "opvoedingsgemeenskappe" noem. Langeveld meen dat die opvat= ting omtrent die skool as deel van 'n "opvoedingsgemeenskap" uiteraard gerigtheid van die gemeenskap op opvoeding sal eis. Cornellisen (2) beweer dat die opvatting toeneem dat onderwys= vernuwing nie alleen 'n saak vir deskundiges en amptelike betrok= kenes is nie, maar dat die belang van die hele samelewing waar iedereen 'n plek en 'n taak het, daarmee gemoeid is. So 'n gemeen= skap van ouers kan dan saam met die onderwysers in 'n skool, 'n gemeenskaplike opvoedingsdoel nastreef. Kiestra beweer dat so= danige opvoedingsgemeenskappe noodsaaklik is omdat daar ten opsigte van die opvoeding van die kind 'n gemeenskaplike verant= woordelikheid bestaan. Niks mag dan te veel wees om te verseker dat hierdie gemeenskaplike verantwoordelikheid gesamentlik gedra word nie. Verder beweer hy dat daar te veel sprake is van twee partye wat elk sy deel van die verantwoordelikheid dra en wat elk sy eie taak verrig, sonder om veel van mekaar se bedoelinge en benaderingswyse af te weet. Skool en gesin sal dan albei ten op= sigte van hulle kennis baat vind by die samelewing wat uit die op= voedingsgemeenskap voortvloei. Samewerking en eensgesindheid sal die kind in die eerste plek ten goede kom. Slegs 'n skool waar= in die ouer outentieke aandeel het, kan volgens Kiestra, die indi= widuele en sosiaal-pedagogiese opgawe wat die maatskappy stel,

na behore vervul (14, bll. 182-187).

## 2.5 SKOOLSE AANGELEENTHEDE TEN AANSIEN WAARVAN DIE OUERS MOONTLIK OP MEDESEGGENSKAP AAN= SPRAAK KAN MAAK

Die skool as instelling het 'n organisatoriese raamwerk (opset) wat beleidsformulering oor 'n wye terrein van uiteenlopende akti= witeite vooropstel vir doeltreffende funksionering. Sodanige be= leidsformulering moet noodwendige konkrete vergestalting vind in bepaalde beskrewe, en waar nodig selfs onbeskrewe, regulasies of wette. In die Republiek van Suid-Afrika word daar op nasionale en provinsiale vlak beleid geformuleer wat respektiewelik tot bepaalde wette en regulasies waaraan die skole onderhewig is, lei. Voorts is daar bepaalde aangeleenthede ten aansien waarvan die hoof van 'n betrokke skool self kan beslis aan watter voorwaardes die uit= voering daarvan onderhewig gestel mag word.

Wanneer daar nou besin word oor die aandeel wat die ouer in die onderwys moet hê, is dit noodsaaklik om die struktuur van boge= noemde opset voor oë te hou. Dit is dus duidelik dat die oueraan= deel in die onderwys nie op 'n oppervlakkige wyse benader kan word nie, maar dat die aktualisering daarvan noodwendig via beleidsbe= paling moet geskied.

Die eerste stap in sodanige ondersoek is egter 'n analise van daar= die beleidsaspekte wat die skool direk raak en waarby die ouers moontlik betrokke mag raak of wil raak. In dié verband kan in ooreenstemming met J. Albrechts in die breë onderskei word tussen daardie beleidsfasette wat die finansieel-materiële of administratiewe sy van die skool raak en dié wat meer in die be= sonder betrekking het op die onderwys, dus die taak van die skool, as sodanig (1, bll. 11-29).

Wat betref die administratiewe beleid van 'n skool kan daarop gewys word dat daar in die eerste plek gedink word aan die sogenaamde infrastruktuur van die skool, naamlik die instandhouding van die geboue en terreine, die versorging, verbetering en uitbreiding daarvan en die finansiering van hierdie soort aangeleenthede in die algemeen. In die Republiek van Suid-Afrika is dit praktyk dat die

geboue en terreine van openbare skole die besitting van die betrokke onderwysowerheid (Provinsiale Onderwysdepartment of Departement van Nasionale Opvoeding) is en ouers kan dus nie sonder meer op medeseggenskap ten aansien hiervan aanspraak maak nie. Dat ouers egter wel 'n aandeel kan hê in die instandhouding, verbetering en finansiering daarvan, word voorsien.

Voorts is daar die middele wat aan die skool toegesê word en met behulp waarvan die skool sy taak moet uitvoer. Hierby is dan be= trokke die ameublement en die onderwys- en leermiddele. As tweede onderwerp van die administratiewe beleid waaroor daar be= sin kan word, moet ook hier vermeld word dat genoemde middele die eiendom van die betrokke onderwysdepartement is en dat die aandeel van die ouers slegs betrekking kan hê op die verbetering, instandhouding en finansiering daarvan.

Vir sover die beleid meer in die besonder op die onderwysgebeure as sodanig betrekking het, kan daar in die eerste plek verwys word na die medeseggenskap waarop die ouer ten aansien van die ideo= logiese opvattinge wat in die skool verkondig word al dan nie, kan aanspraak maak. In die Republiek van Suid-Afrika is daar op nasionale vlak deur wetgewing bepaal dat die openbare skole Christelik en nasionaal van aard moet wees (Wet no. 39 van 1967, artikel 2(1) (a) en (b)). Op dié wyse word daar aan die ideolo= giese opvattinge van die Blanke Suid-Afrikaner wettelik plek in die skole ingeruim. Dit is duidelik dat die ouer op baie onregstreekse wyse reeds aandeel gehad het in die daarstelling van hierdie wet= gewing aangesien dit die gesag van die ouer se stemreg is wat 'n onderwysbeleid in ooreenstemming met sy eie lewensbeskouing verseker. Vir die ouer is dit egter ewe belangrik dat daar aan hier= die beleid behoorlike uitvoering gegee word en derhalwe sal die ouer ook aanspraak wil maak op medeseggenskap in die toesig dat aan die genoemde beleid uitvoering gegee word. Inderdaad is dit vir die ouer baie belangrik om te weet dat daar vir hom weë of kanale is deur middel waarvan hy beswaar kan aanteken teen enige vorm van negering of verdraaiing van bogenoemde grondstellinge van sy lewensopvatting.

Nou verwant aan die ideologiese waardes wat in die skool aan die kind as navolgenswaardig voorgehou word, kan gereken word die inoefening al dan nie van sedelike, sosiale en politieke norme.

Wat betref die politieke waardes is dit algemene praktyk in die RSA dat die skool hom bo die verkondiging van sodanige waardes sal verhef en hom inderdaad losmaak van enige partypolitieke verbind= inge. Nogtans kan die ouer hom die reg voorbehou om te mag toe= sien dat daar konsekwent by hierdie beginsel gehou word.

'n Ander aspek van die beleid ten aansien van die skool se opvoed= ings- en onderwystaak waaraan die ouers medeseggenskap kan en mag vra, is die samestelling van die kurrikula en die inhoud van die sillabusse. Alhoewel die beleid in die RSA tans sodanig is dat die onderskeie onderwysdepartemente ten aansien van hierdie be= leidsaangeleenthede die alleenseggenskap het, kan dit nie ontken word nie dat die ouer(s) wat hier om inspraak vra, 'n moontlik ver= dedigbare standpunt het. So byvoorbeeld is dit moontlik dat ouers beswaar kan hê teen die toevoeging van 'n bepaalde vak tot die kurrikulum of tot die verwydering van 'n vak wat hulle as gewens beskou. Ouers kan ook beswaar hê teen 'n gedeelte van die inhoud van 'n bepaalde vak soos wat dit in 'n skool of selfs in verskeie (alle) skole in die provinsie aangebied word. Dit is logies dat nie alle besware gronde tot regverdiging sal hê nie, maar feit bly staan dat daar wel geregverdigde griewe (besware) geopper kan word en in sodanige gevalle behoort daar vir die ouers enersyds die reg te wees en andersyds ook die weë en kanale te bestaan waarlangs hulle aandeel verwerklik kan word.

Ten aansien van beide die voorgenoemde beleidsaspekte van die onderwysende taak van die skool is dit duidelik dat die onderwyser in 'n middelaarshoedanigheid optree. Daarmee word bedoel dat die onderwyser die waardes en norme wat deur die gemeenskap hoog aangeslaan word, aan die leerlinge voorhou en -leef en dat ook die vakinhoudelike aan die hand daarvan geïnterpreteer sal word. Der= halwe is dit begryplik dat ouers aanspraak sal wil maak wat betref die aanstelling van onderwyspersoneel.

## 2.6 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is daar na die volgende aangeleenthede verwys:

(1) Die primêre verantwoordelikheid van die ouer ten opsigte van die opvoeding van sy kind. Die ouer is in die eerste plek

daarvoor verantwoordelik dat sy kind ooreenkomstig sy gekose op=voedingsdoelstelling opgevoed word. Weens die liefde vir hulle kinders neem ouers hierdie verantwoordelikheid gewoonlik geredelik op en dra hulle dit met vreugde. Die Christen-ouer word voorts deur die doopgelofte wat hy afgelê het, opgeroep om hierdie ver=antwoordelikheid konsekwent te beoefen.

(2) Met betrekking tot die opvoeding van die kind is die taak van die skool dus sekondêr. Die lewensinhoude aan die hand waar=van 'n volwaardige bestaan as volwassene in ons huidige maatskap=py voltrek kan word, het vir die ouer te gekompliseerd geword om aan sy kind by te bring en in hierdie opsig kan die skool se taak dus as aanvullend ten aansien van dié van die ouer beskou word. Die skool moet die kind met die leerinhoude in hulle formele opset bekendstel; die kind voorberei vir sy toekoms as volwasse beroeps=beoefenaar en terselfdertyd aansluiting vind by die opvoeding tuis, sodat daar tuis en op skool in harmonie opgevoed kan word.

(3) Ten spyte van die belangrike aandeel wat die skool in die opvoeding van die kind verwerf het, bly die ouer primêr verantwoor=delik vir die gestalte wat sy kind deur die onderwysende en op=voedende bemoeienis aanneem. Dit is dus vir die ouer belangrik om steeds te weet wat met sy kind in die skool gebeur en om, indien omstandighede dit regverdig die reg te hê om in te gryp ten aansien van skoolse aktiwiteite wat nie in ooreenstemming met sy opvoedingsdoelstelling is nie. Indien aanvaar kan word dat die skool aanvullend met betrekking tot die opvoeding staan, dat die ouer steeds die primêr verantwoordelike instansie vir die opvoeding bly, dan is dit duidelik dat die ouer se seggenskap juis in hierdie primêre verantwoordelikheid wortel en om dié rede is dit essensieel dat die ouer 'n aandeel in die skoolse werksaamhede moet hê.

Die uiters belangrike vraag is natuurlik hoe daar aan die ouer seggenskap in die onderwys gegee kan word sonder om die outono=mie van die skool en onderwysstelsel in te boet en aan moontlike onverantwoorde lekebeïnvloeding uit te lewer.

(4) Terreine waarop die ouer moontlik wel reg tot aanspraak het, is die volgende:

(a) Die infrastruktuur van die skool, veral wat betref die instandhouding, verbetering en finansiering van die geboue.

(b) Die finansiering, instandhouding, aankoop en verbetering van ameublement en leer- en onderwysmiddele.

(c) Die pedagogiese taak van die skool, veral ten aansien van die waardes en norme wat aan die kind voorgehou word en die wyse waarop die leerinhoud aan die hand daarvan aangebied en geïnter=preteer word.

(d) Die aanstelling, bevordering en afdanking van onderwys=personeel.

HOOFSTUK 3

# DIE PLEK WAT AAN DIE OUERGEMEENSKAP IN DIE ONDERWYS= STELSELS IN SEKERE OORSESE LANDE TOEGEKEN WORD

## 3.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word gepoog om 'n beeld te bied van hoe daar in enkele oorsese lande aan die ouergemeenskap 'n plek in die onderwysstelsel toegeken word. Sodanige ondersoek is belangrik, aangesien dit lig kan werp op die situasie hier te lande en moontlike aanknopingspunte vir 'n verantwoorde praktyk kan bied.

## 3.2 DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA

### 3.2.1 Persoonlike kontak tussen ouer(s) en onderwyser(s)

Om oor die samewerking tussen gesin en skool in die Verenigde State van Amerika te skryf, is eintlik dieselfde as om die werk en invloed van die Parent-Teacher Association (PTA) toe te lig (6, bl. 193). Hierdie organisasie, wat offisieel as die National Congress of Parents and Teachers bekend staan, is reeds in 1817 in die lewe geroep en funksioneer op nasionale, staats- en plaaslike vlak. Terwyl die PTA dan enersyds volgens state onderverdeel is, elk met sy eie bestuur, is dit andersyds die onderverdeling in vaste kommissies op nasionale vlak wat ook studie- of werkgroepe ge= noem kan word, wat van besondere betekenis is (6, bl. 193). Sodanige nasionale werkgroepe behartig aangeleenthede met betrek= king tot oudiovisuele dienste, karaktervorming, burgerskap, samewerking met kolleges, die buitengewone kind, gesindheid, sekondêre skooldienste, internasionale verhoudinge, jeugbeskerming, wetgewing, lidmaatskap, geestelike gesondheidsorg, nasionale PTA-publikasies, die PTA-maandblad, voorskoolse dienste, ont= spanning, verkeersopvoeding en publisiteit (6, bl. 193).

Deur middel van die PTA-maandblad en ander kleiner publikasies sorg die betrokke nasionale werkgroepe dat sowel ouers as onder= wysers reëlmatig van 'n verskeidenheid moderne pedagogiese

literatuur voorsien word. Daar word egter nie net by 'n voorsiening volstaan nie. Genoemde publikasies bevat nie net artikels oor aktuele onderwerpe nie, maar ook 'n reeks besprekingspunte wat deur deskundiges opgestel en wat gedurende plaaslike ouer-onder= wyseraande onder die soeklik gestel kan word. Op dié wyse word die indiwiduele ouer aktief by die probleme van die onderwysende opvoeding betrek (6, bl. 193).

Indien gesê kan word dat die "mag" van die PTA geleë is in wat op nasionale en staatsvlak deur middel van organisering bereik word, dan lê die "krag" van dié organisasie in sy indiwiduele lede (die ouers en onderwysers) wat die beste onderwys en opvoeding vir hulle kinders verlang (6, bl. 195). Die PTA maak dus nie net voorsiening vir die ouergemeenskap om seggenskap in die onder= wys te hê nie, maar bring sodanige seggenskap binne die bereik van elke indiwiduele ouer. Aangeleenthede van nasionale belang geniet as sodanig die aandag maar elke indiwiduele ouer word andersins betrek sodat 'n doelbewuste opvoedingsgerigtheid onder die lede van die gemeenskap tot stand gebring word. As voorbeeld hiervan kan die reeds genoemde aktuele besprekingspunte dien wat 27 keer per jaar deur die PTA aan plaaslike verenigings vir ouer= aande beskikbaar gestel word.

Die instelling van 'n "American Education Week" dien as verdere voorbeeld hoe daar in die VSA gepoog word om die goeie verhoud= ing tussen ouer en onderwyser uit te bou. Daarmee word die ouer enersyds mede-betrokkene by sy kind se onderwys gemaak, en andersyds word die onderwysers, soos blyk uit die feit dat dié week met 'n Teacher's Honor Day begin, die nodige erkenning vir hulle moeilike taak gegee. Gedurende die <u>ope skooldae</u> van die res van dié week, word ouers volop geleentheid gebied om met die onder= wysers oor hulle kinders te praat. Sodanige gesprekke word in groot mate, indien nie in die geheel nie, gerig deur voorligting wat die PTA aan sowel ouers as onderwysers verskaf het.

Freudental-Lutter beweer opsommenderwys dat die goeie verstand= houding tussen die gesin en die skool in die VSA aan die volgende faktore toegeskryf kan word:

(1) Kind-gerigtheid in die sin dat die kind as unieke persoon= likheid gesien word.

(2) Opvoedingsingesteldheid van vele ouers.

(3) Deskundige voorligting betreffende pedagogiese probleme vir ouers en onderwysers.

(4) Deskundige voorligting ten einde oueraande op 'n hoë peil te organiseer en te laat funksioneer.

(5) 'n Spontane omgang tussen leerkragte, ouers en dikwels ook leerlinge wat ruimte laat vir die menslike hunkering na vrolik=heid en ontspanning (6, bl. 193).

### 3.2.2 Ouer-verteenwoordiging in die skoolbestuur

In die Verenigde State van Amerika is openbare onderwys 'n staats=funksie. (Staatsowerheid is hier nie sinoniem met federale ower=heid nie.) Dit is die verantwoordelikheid van die staat om openbare skole op te rig en te onderhou. Nogtans word dit nodig geag dat daar 'n groot mate van plaaslike kontrole oor die skole uitgeoefen word. Derhalwe word die verantwoordelikheid vir die funksionering van die skole oorgedra aan plaaslike skooldistrikte. Elke distrik het 'n be=herende liggaam, die Board of Education, wat deur staatswetge=wing met administratiewe magte beklee is.

Aangesien hierdie liggame deur staatswetgewing daargestel is en hulle mag van dieselfde bron verkry, kan hulle beskou word as ver=teenwoordigers van die staat maar terselfdertyd ook as die instru=ment waardeur plaaslike beheer oor die funksionering van die skole behou word.

Binne die kader van staatswette en -regulasies is die plaaslike "school board" aan die ouers of burgers van die skooldistrik ver=antwoording verskuldig ten opsigte van die funksionering en beheer van skole in die distrik. Hulle is dan ook op grond van die uitdruk=like wens van die ouers grootliks verantwoordelik vir die kwaliteit van die skoolprogram wat voorsien word (9, bl. 1).

Die daarstelling van die "local school board" geskied by wyse van 'n algemene verkiesing. Deur middel van hierdie metode word 95,0 persent van die skoolrade (local school board) in die Verenig=

de State van Amerika verkies. In sommige state maak al die dis=
trikte van die metode gebruik, terwyl in ander net sekere distrikte daarvan gebruik maak.

Om te kwalifiseer vir lidmaatskap van die skoolraad moet die lede in die meeste state ook kwalifiseer as kieser. In sommige state is ouderdom (byvoorbeeld 'n minimumouderdom van 24 of 30 jaar), tydperk van verblyf in distrik of staat (byvoorbeeld 'n minimum van 3 jaar), akademiese kwalifikasies, karakter, die betaling van be=
lasting of ouerskap 'n verdere kwalifikasie (9, bll. 17,18).

Die mees algemene metode om kandidate te nomineer, is per nominasiebrief ("petition") waarop die handtekeninge van 3 tot 10 (California) tot 5 000 tot 10 000 (Detroit, Michigan) kiesers moet verskyn. In sommige gevalle word die getal handtekeninge op 'n persentasiebasis bereken. Ander wyses van nominering is ver=
kiesings op algemene of die jaarlikse skoolvergaderings, of deurdat 'n persoon homself aankondig as kandidaat (9, bll. 20,21).

Alhoewel die ledetal van 'n skoolraad in die VSA kan wissel van 1 tot 19, kom 'n raad van vyf lede die meeste voor (9, bll. 3, 4).

Die meeste van die skoolraadslede word vir 'n termyn van 3 tot 6 jaar verkies. Verkiesings vind meestal jaarliks of al om die ander jaar plaas (9, bll. 10,11). Met die oog op die verkiesing word skool=
distrikte afgebaken en in sommige gevalle verder in areas verdeel. In laasgenoemde geval word 'n lid uit elke area gekies (9, bl. 27).

## 3.3 OOS-DUITSLAND

Volgens kommunistiese sienswyse is die skool in die kapitalistiese lande slegs 'n middel tot onderdrukking van die werkende klas en derhalwe 'n wapen in die klassestryd. Na die mening van die kom=
munis gebruik die heersende kapitalistiese magsgroep die skool slegs om die arbeider op sy plek te hou en om by hom 'n dienstige ingesteldheid te laat ontstaan. Vir die kommunis is die skool dan ook een van die weë deur middel waarvan die oorblywende kapitalis=
tiese mentaliteit in kommunistiese lande bestry kan word en die arbeiderskind die belangstelling wat hy verdien, kan kry. 'n Konti=
nue, uniforme pedagogiese samewerking tussen ouers en onderwy=

sers is, volgens kommunistiese sienswyse, alleen in die kommu= nistiese lande moontlik (16, bl. 188). Volgens hierdie sienswyse is dit dan ook duidelik dat in die kommunistiese lande medeseggen= skap van die ouer nie soseer as die natuurlike reg en die eerste plig van die ouer gesien word nie, maar as 'n middel om kommunistiese ideologieë te propageer.

In die organisatoriese perfeksionering van die kommunistiese stelsel is die Oos-Duitsers waarskynlik sonder weerga. 'n Ingewikkelde netwerk van organisasies, instansies, kommissies en verenigings is geskep met die doel om deur middel van opvoeding die kinders tot sosialistiese mense te vorm. Tussen ouer en skool bestaan wat dít betref, geen teenstelling nie. Eenheid tussen gesin en skool word onverpoosd deur middel van onder andere massakommunikasie= middele, vergaderings en massademonstrasies gepropageer (16, bl. 188).

Tipies van die totalitêre aanpakwyse is om by iedere nuwe organi= satoriese liggaam soveel moontlike verteenwoordigers van ander instellinge en groeperinge te betrek. Die skyn van 'n demokratiese werkwyse word so gewek, maar in werklikheid gebeur dit dat 'n klein groepie persone in elke organisasie die belangrike poste be= klee. Sodoende behou die party sy greep in al die vertakkinge van die samelewing. In die verordening van 1960 (Elternbeiratsverord= nung) in verband met ouerrade van algemeenvormende skole word die inrigting en werkwyse van ouerrade omskryf. Hierin word ver= meld dat alle bevolkingsgroepe ingeskakel moet word by die oplos= sing van staatkundige probleme, ook op die gebied van die volks= onderwys en wel by wyse van die ouerrade met hulle kommissies en verenigings. Laasgenoemde moet help om die noue en kameraad= skaplike samewerking tussen onderwysers, leerlinge en ouers te vestig en ander sosialistiese organisasies by die opvoeding van die jeug te betrek (16, bl. 188).

Die taak van die skool is om die jeug vir die lewe en arbeid in die sosialistiese maatskappy voor te berei. Die leerlinge moet opge= voed word tot alsydige politegnies gevormde mense in 'n gees van vrede, tot solidariteit en kollektiewe handelinge, tot liefde vir die arbeid en die arbeidende mens (16, bl. 188).

Die ouerrade word gekies deur die ouers van die kinders wat na 'n bepaalde skool gaan. Die kandidate word egter benoem deur 'n kommissie wat uit die volgende persone bestaan: die skoolhoof (voorsitter), 'n verteenwoordiger van die plaaslike bestuur en van die Nationale Front, 'n afgevaardigde van die Freien Deutschen Jugend of van die Ernst Thälman-pioniersorganisasie en 'n verteen= woordiger van die Demokratische Frauenbund Deutschlands. Op dié wyse is die party daarvan verseker dat sy lede as kandidate benoem word. Lede word vir een jaar gekies en die ouerraad bestaan uit minstens 5 en hoogstens 15 lede. Die verskillende lede van die ouerraad tree ook as voogde vir die verskillende klasse op.

Om sy werk doeltreffend te verrig, vorm die ouerraad 'n aantal vaste en tydelike kommissies wat met die genoemde instansies saamwerk. Bowendien mag belangstellende burgers ook in hierdie kommissies sitting neem. Kommissies moet gevorm word om probleme ten opsigte van onder andere die volgende te ondersoek:

(1) Die onderwysende arbeid;

(2) die daaglikse versorging van die skoliere;

(3) pedagogiese propaganda;

(4) sportbedrywighede van die skoliere;

(5) die kulturele bedrywighede van die skoliere, en

(6) die materiële, ekonomiese en higiëniese probleme van die kinders.

Benewens die ouerraad met sy kommissies word daar ook nog Klassenelternaktive gevorm, wat eintlik kommissies is wat saam= gestel is uit die ouers van die kinders in 'n bepaalde klas. Hierdie liggaam poog om, onder leiding van 'n lid van die ouerraad, 'n klas= doel te bereik en werk met die oog daarop in noue skakeling met die klasonderwyser saam.

Volgens Langeveld wys Heinz Arnold daarop dat die ouerrade

(Elternbeiräte) veral moet poog om die volgende take uit te voer:

(1) Die behaling van goeie resultate in die politegniese onder= wys en om die verdere ontwikkeling van die politegniese onderwys te bevorder.

(2) Die verheffing van die pedagogiese arbeid van die skole tot 'n hoër niveau, om die leerplandoelstellings in alle klasse en met alle skoliere te bereik en 'n beter opvoeding te waarborg.

(3) Om te verseker dat daar 'n vaste orde, strawwe dissipline en 'n kontinue vormingsarbeid aan alle skole sal wees (16, bl. 189).

Die ouerraad moet veral toesien dat die kinders van arbeiders en boere dieselfde behandeling kry as dié van ander sosiale groepe en daar moet voorts gepoog word om te voorkom dat hierdie kinders druip. Die ouerraad en die Klassenelternaktive behoort die sosialis= tiese opvoeding ook in die gesinne in te dra en die ouers advies oor die opvoeding te gee, waarby die noodsaak van liefde, strengheid en geregtigheid beklemtoon behoort te word (16, bl. 190).

Oueraande, die Elternseminare, word ook georganiseer met die oog op voorligtingswerk aan ouers ten opsigte van die skoolpolitieke doelstellings van die regering. Met hierdie geleenthede word die ouers voorgelig oor die betekenis en metodiek van die sosialistiese opvoeding (16, bl. 190).

Die skool in Oos-Duitsland word konsekwent as middel in die klas= sestryd gehanteer. Hier word die kinders onafgebroke en sistema= ties in die Marxisme/Leninisme en die sogenaamde wetenskaplike lewensbeskouing van hierdie ideologie opgevoed. Deur die ouers soveel moontlik by die skool te betrek, hoop die kommuniste om langs hierdie weg die ouers aan die verwesenliking van die party= doelstellings te laat meewerk. Die verbindingskakels tussen skool, owerheid, bedryf, vrouebond en jeugorganisasie plaas die pedago= giese werksaamheid sentraal in die veld van partypolitieke aktiwi= teite (16, bll. 191, 192).

Vir die daarstelling van 'n onderwysstelsel in die Republiek van Suid-Afrika waarin daar 'n plek aan die ouergemeenskap toegeken word, is daar veel te leer uit die goeie organisering wat aan die

Oos-Duitse stelsel ten grondslag lê. Voorsiening sal egter daarvoor gemaak moet word dat die indiwiduele ouerlike reg om oor die op= voeding van sy kind te beslis, deur middel van 'n wedersyds ope gesprek gehandhaaf sal word.

Wat verder uit die studie van die kommunistiese stelsel geleer kan word, is die besef dat die samewerking van die ouers noodsaaklik is om ideologiese doelstellings te verwesenlik. Hierin moet dan ook die rede gesoek word vir die netwerk van ouerorganisasies wat hulle in die lewe geroep het.

## 3.4 NEDERLAND

In Nederland is daar organisasies verbonde aan die openbare, die Protestants-Christelike en die Roomse onderwys wat elk op eie terrein poog om die samewerking tussen ouers en skool te bevorder. Afsonderlike toeligting van elk van hierdie terreine is noodsaaklik.

### 3.4.1 Openbare onderwys

#### (a) Ouerkommissies

Wat betref die openbare onderwys, skryf die wet reeds sedert 1920 voor dat daar aan elke skool 'n ouerkommissie verbonde moet wees (32, bl. 15).

Die ouerkommissie het tot taak die uitbouing van die openbare skool by wyse van (vergelyk 15)

(1) die bevordering van goeie samewerking tussen die skool en die ouers, voogde of versorgers wat bereik kan word onder andere deur die belê van oueraande;

(2) die advisering van die onderwyspersoneel in aangeleenthede wat betrekking op die onderwys in die skool het;

(3) die regstreekse toewending tot die burgemeester en wet= houers en die gemeenteraad met betrekking tot die inrigting van die skoolgebou, en

(4) die verskaffing van inligting aan die ouerraad of skoolraad insake aangeleenthede wat die openbare onderwys raak.

Die ouerkommissies bestaan gewoonlik uit enkele ouers, die skool= hoof en 'n onderwyser. Die aantal lede, minstens drie en hoogstens tien, word deur die burgemeester en wethouers bepaal (7, bl. 33).

Die ouerkommissie moet ten minste een keer per jaar 'n oueraand reël. Die agenda vir die oueraand word opgestel deur die ouerkom= missie in oorleg met die hoof van die skool. Indien daar verskille bestaan, beslis die burgemeester en die wethouers. Die leiding van hierdie byeenkoms berus by die hoof van die skool, tensy die huis= houdelike reglement bepaal dat dit by die voorsitter van die ouer= kommissie berus. Die onderwyspersoneel moet ook by die ouer= aande teenwoordig wees en sowel die skoolhoof as die onderwysers moet hulle ten aansien van die betrokke skoolpraktyke kan verant= woord (7, bl. 32). Naas die oueraande word daar gewoonlik ook "kyk-aande" en "klas-aande" en "spreekure" vir ouers gereël (32, bl. 15).

(b) <u>Ouerrade</u>

In elke distrik waar daar meer as een ouerkommissie bestaan, kan daar 'n ouerraad in die lewe geroep word. Die ouerraad word uit= sluitlik saamgestel uit lede van die ouerkommissies in die gemeente (distrik) (7, bl. 33). Die ledetal word ook in dié geval deur die burgemeester en wethouers bepaal, met dien verstande dat die aantal minstens vyf en hoogstens een-en-twintig sal wees. Lede word deur die ouerkommissies gekies en elke verkiesing word deur die burgemeester en wethouers gereël. Die lede word vir drie jaar gekies en elke jaar tree ongeveer een derde af, wat egter weer her= kiesbaar is. 'n Voorsitter word uit die geledere van die gekose ouerraad gekies (7, bl. 33).

Tot taak van die ouerraad kan onder andere gereken word om hom tot die burgemeester en wethouers of tot die gemeenteraad te wend met betrekking tot die gemeenskaplike belange van die openbare skole in sy gebied (gemeente). Verder neem hy kennis van die wense en besware met betrekking tot skoolse aangeleenthede wat deur die ouerkommissies onder sy aandag gebring word en tree in dié verband op indien die gemeenskaplike belange van die skole

daardeur geraak word. Die ouerraad stel sy eie huishoudelike regle= ment saam en dié is onderworpe aan die goedkeuring van die burgemeester (7, bl. 34).

(c) Skoolraad

Benewens die genoemde ouerkommissies en -rade wat beide sedert 1920 in Nederland funksioneer, is daar in 1957 besluit op die instel= ling van skoolrade. Soos blyk uit die samestelling van die skool= raad, is dit 'n oorkoepelende liggaam ten aansien van die genoemde kommissies en rade (7, bl. 35).

Elke skoolraad bestaan naamlik uit minstens sewe verkose lede (ouers) van die ouerkommissies; minstens drie lede (onderwysers of hoofde van openbare skole) en ten minste drie gemeentelike bestuurders of funksionarisse (lede van stads-, dorps- en distriks= raad) wat deur die burgemeester en wethouers aangewys word. Die aantal lede kan van 13 tot 21 wees.

Die taak van die skoolraad is die bevordering van openbare onderwys in sy gebied deur -

(1) kontak met die plaaslike ouerkommissies te hou, en

(2) advies aan die burgemeester en wethouers te gee in verband met die leerplan, lesroosters, die benoeming van hoofde van skole, die vasstel van 'n toelae per leerling asook die doel= matige organisasie van die openbare laer onderwys (7, bl. 35).

Ofskoon nie deur die wet erken nie, bestaan daar sedert 1923 'n ak = tiewe landelike oorkoepelingsorganisasie vir die ouerrade, naamlik die Nederlandse Ouderraad voor het Openbaar Lager Onderwijs (NOROLO) wat hom besig hou met die beskerming van die belange van die openbare laer onderwys, die bevordering, die totstandkoming en die werk van ouerkommissies en ouerrade en die gee van advies en voorligting onder andere deur die uitgawe van Het Ouderblad.

### 3.4.2 Rooms-Katolieke onderwys

Die Rooms-Katolieke onderwys kom in baie opsigte ooreen met die

openbare onderwys wat die doel en strekking van ouerorganisasies betref. In die volgende paragrawe sal egter op enkele verskille gewys word.

(a) Ouerkomitees

Volgens biskoplike reglement insake die samestelling van ouerkomi= tees (in plaas van ouerkommissies soos in die geval van openbare onderwys) moet die ouers van die leerlinge van elke klas of groep van klasse in groot skole een verteenwoordiger aanwys.

Onderwysers en ander lede van die personeel wat aan die skool verbonde is, mag nie lid van die ouerkomitee wees nie. Die hoof en onderwysers word egter uitgenooi na alle vergaderings en het die reg om aan besprekings deel te neem (7, bl. 39).

Die doel met die ouerkomitee is om die samewerking tussen skool en gesin te bevorder deur die ouers in staat te stel om hulle regte en pligte insake die skoolse opvoeding, beter uit te oefen.

Die ouerkomitee het 'n adviserende taak ten aansien van alle aan= geleenthede waarby die gesin regstreeks betrokke is, soos:

(1) die reël van skooltye en vakansies;

(2) die reël van huiswerk;

(3) die kinderkermis;

(4) beroeps- en beroepskeusevoorligting;

(5) die werk van die skoolgesondheidsdiens;

(6) die buiteskoolse aktiwiteite;

(7) die verhouding met jeugwerk en sportverenigings;

(8) die heffing van bydraes;

(9) die invoer van ingrypende veranderinge in die skoolwese;

(10) die invoering van die onderwys in vakke wat van sosiale of higiëniese betekenis is, en

(11) skoolkleding (7, bl. 39).

Die ouerkomitee is ook belas met die bevordering van kennis en insig by die ouers ten aansien van gesinsopvoeding. Ten slotte het hulle die taak om klagtes van ouers oor die skool voor die hoof of skoolbestuur te lê, en te waak dat persoonlike aangeleenthede betreffende die onderwysers of leerlinge nooit in die vergaderings van die ouerkomitee bespreek word nie.

(b) Diosesane Ouerraad

Benewens die ouerkomitees is daar ook 'n Diosesane Ouerraad, verkies uit verteenwoordigers van hierdie komitees, met die taak om die Rooms-Katolieke onderwys in 'n diosese te behartig, in die besonder deur sy samewerking te verleen by die bepaling van die behoefte aan verskillende soorte onderwys in verband met sosiaal-geografies-ekonomiese toestande. Verder het hulle ook as taak die bevordering van skool- en beroepskeuse, die behartiging van belange wat regionale reëling vereis en die gee van leiding aan ouerkomitees (7, bl. 40).

(c) Nasionale Ouerraad

Alle diosesane ouerrade kom jaarliks byeen met die doel om 'n Katolieke Nasionale Ouerraad te kies. Die Katolieke Nasionale Ouerraad wat deur en uit lede van die diosesane ouerrade verkies word, gee voorligting aan ouers insake die opvoeding van hulle kinders. Hulle hou ook kontak met die onderwysorganisasies en ander instansies wat hulle met onderwys bemoei (7, bl. 40).

3.4.3 Protestants-Christelike onderwys

Wat betref die laer onderwys, is daar in die Protestants-Christelike kringe geringe bereidheid om die totstandkoming van ouerkommis= sies te bevorder. Die rede is dat die skoolbestuur meestal deur die lede van die skoolvereniging waarvan die ouers die grootste gedeelte uitmaak, gekies word. Dikwels word dan ook bepaal dat bestuurslede uit ouers van skoolgaande kinders gekies moet word. In die alge= meen word die vergadering van die bestuur bygewoon deur die skool= hoofde wat in adviserende hoedanigheid teenwoordig is.

Die sentrale bestuur besluit egter oor sake soos die benoeming van skoolhoofde en soms ook dié van onderwysers. In die Protestants-Christelike onderwys word daar dus vir oueraandeel voorsiening gemaak (7, bl. 16).

Vir die hoërskole bestaan daar ook ouerkomitees of -kommissies. Die meeste komitees is verbonde aan die Federatie van Ouder=verenigingen van Scholen voor VHMO (7, bl. 17).

## 3.5 OUERSEGGENSKAP IN DIE ONDERWYS IN BELGIË

### 3.5.1 Inleiding

Ten einde 'n beeld te verkry van hoe dit met die ouerseggenskap in die onderwys in België gesteld is, is dit nodig om kortliks die Belgiese onderwysstelsel uiteen te sit. In dié verband is 'n toe=ligting van die term "inrigtende mag" van besondere belang.
De Aguirre (3, bl. 58) omskryf genoemde begrip soos volg: "Wettelijk zijn de inrichtende machten de natuurlijke of rechts=personen, die verantwoordelijk zijn voor de onderwijsinstellingen."

Vir sover daar tussen private ("vrije") en openbare skole in België onderskei word, is die inrigtende mag wat aan eersgenoemde tipe skool gekoppel word in 99,0 persent (3, bl. 61) van die gevalle, die Rooms-Katolieke Kerk, terwyl ten opsigte van die openbare skole daar onderskei kan word tussen staats-, provinsiale en streeks-("gemeentelijke") skole met onderskeidelik die staat, die provinsie en 'n betrokke gemeenskap as die inrigtende mag. Vir 'n sinvolle bespreking van die aandeel van die ouer in die onderwys in België is dit dus nodig om die Katolieke en openbare onderwys te bespreek.

### 3.5.2 Die Rooms-Katolieke onderwys

Die Algemene Regulasie van 1926 vir Katolieke skole bepaal dat in elke gemeente waar daar 'n Katolieke skool is, 'n skoolkomitee aangewys moet word waarvan die "pastoor" as voorsitter ageer. Voorts bepaal hierdie regulasie dat indien die bestuur van die skool aan nie-Katolieke persone toevertrou word, die daargestelde komitee dieselfde magte sal hê as wat die skoolkomitee van 'n openbare

skool het. Wat betref die samestelling van die skoolkomitee, bepaal die regulasie dat die benoeming van die lede aan die goed= keuring van die kerklike owerheid onderworpe is en daar is dus niks wat die verteenwoordiging van ouers in die komitee belet nie. Andersyds gebeur dit in resente tye al hoe meer dat van die ouers en leerkragte in die inrigtende mag van die verskillende Katolieke skole opgeneem word.

Vir sover die sekondêre Katolieke onderwys ter sake is, is daar sedert 1968 besluit om 'n direksieraad vir elke skool in te stel. As beginsel geld dat genoemde raad uit verteenwoordigers van die lede van die skoolgemeenskap saamgestel moet word, te wete die direksie (direkteur van skool en ander oorhoofse personeel), die onderwysers, die ouers en die leerlinge. Hierdie vier belanghebbende groepe moet elk 'n deel van die verantwoordelikheid vir die behoorlike funksio= nering van die skool op hom neem. Noodwendig hang die doeltref= fende funksionering van die direksieraad saam met die gunstige onderlinge samewerking van die vier belanghebbende groepe. Wat betref die bevoegdheid van die onderskeie groepe van die direksie= raad word onderskei tussen die regte van onderwysers enersyds en ouers en leerlinge andersyds. So byvoorbeeld word vir die onder= wysers die reg voorbehou op deelname aan die onthaal van nuwe leerkragte, interpretasie van die sillabus, die keuse van handboeke, die aankoop van hulpmiddele en die samestelling van die begroting. Daarenteen word aan die ouers deelname aan die beslissinge be= treffende alle probleme wat direk betrekking op die ouers en die leerlinge het, toegesê. Hieronder kan aangeleenthede genoem word soos die sedelike en godsdienstige opvoeding in die algemeen, die pedagogiese begeleiding van die leerlinge, die sedelike en liggaam= like beveiliging van leerlinge op weg na die skool, bepaalde sosiale dienste en bepaalde semi-skoolse aktiwiteite.

### 3.5.3 Staatsonderwys

Van belang met betrekking tot die openbare onderwys is dat die so= genaamde inrigtende mag wat die regering, die provinsiale raad of die streekraad kan wees, op demokratiese grondslag gekies word en as sodanig dus die nasionale, provinsiale en plaaslike bevolking verteenwoordig. Nogtans wil dit egter lyk asof hierdie vorm van demokrasie ten aansien van die ouer- en onderwyseraandeel in die

onderwys nie as voldoende beskou word nie; die betrokke ouers wil ook regstreeks medeseggenskap in die bestuur van die plaaslike skool hê. Daar bestaan by die meeste skole 'n ouervereniging of -komitee wat soms hulle stem by die skoolbestuur (direksie) laat hoor.

Ten aansien van sekondêre onderwys moet, op grond van Artikel 10 van die Gekoördineerde Wette, 'n skoolraad wat soos volg saamge= stel is, aangewys word: drie lede van die streek- (stads-, dorps-) raad word op voorstel van genoemde raad deur die Minister van Nasionale Opvoeding benoem; drie lede word uit die ouers van leerlinge van die betrokke skool of uit oud-leerlinge daarvan deur bogenoemde Minister gekies en uit daardie inwoners van die omge= wing wat 'n belangstelling in die onderwys toon, word drie lede deur die reeds gemelde Minister gekies. Die ampstermyn van die skool= raad is vier jaar en die uittredende lede mag weer benoem en gekies word.

Volgens die Koninklike Besluit van 1 Julie 1952 (3, bl. 64) word die bevoegdhede van die skoolraad soos volg omskryf:

(1) Die skoolraad lê aan die Minister van Nasionale Opvoeding voorstelle voor waardeur die ontwikkeling en uitbreiding van die skool bevorder kan word.

(2) Deur die skoolraad word daar oor elke ontwerp wat die Minister aan hom voorlê, beraadslaag.

(3) Elke jaar wys die skoolraad een van sy lede aan om as voorsitter van die eindeksamenkommissie op te tree.

(4) Die skoolraad het die reg om die jaarlikse prysuitreiking en ander skoolplegtighede by te woon.

(5) Al die lokale van die skool en die koshuis mag deur lede van die skoolraad besoek word, maar sodanige besoek moet buite die formele skoolure geskied.

Met betrekking tot die tegniese onderwys bepaal Artikel 15 van die Koördineerde Wette op Tegniese Onderwys dat elke tegniese skool 'n bestuurskommissie moet saamstel. In die staatskole bestaan

sodanige kommissies uit minstens 5 lede wat deur die Minister van Nasionale Opvoeding benoem is. Tot taak van genoemde bestuurs=kommissie hoort onder andere om maatreëls voor te stel ter bevor=dering van die doeltreffende funksionering en vooruitgang van die skool.

Interessant is om daarop te wys dat daar gedurende Desember 1969 in 26 staatskole (primêre, sekondêre en tegniese skole) op eksperi=mentele basis sogenaamde assosiatiewe beheerkomitees ingestel is. Die oogmerk hiermee is om persone en groepe persone wat in die staatsonderwys belang het en die bevordering daarvan op die hart dra, te betrek by die beheer van dié skole. Tot genoemde persone en groepe persone word die betrokke onderwysers, leerlinge, ouers en belanghebbende verenigings gereken. Genoemde assosia=tiewe beheerkomitees word dan soos volg uit hierdie betrokkenes saamgestel:

| | | |
|---|---|---|
| (1) | Skoolhoof of sy verteenwoordiger ............. | 1 |
| (2) | Skoolpersoneel (onderwysers sowel as para=mediese en ander personeel) ................. | 3 |
| (3) | Leerlinge ................................... | 3 |
| (4) | Ouers ....................................... | 3 |
| (5) | Oud-leerlinge ............................... | 3 |
| | TOTAAL | 13 |

Die bevoegdhede van hierdie komitees het betrekking op -

(1) skoolorganisasie vir sover dit met huiswerk, tug, afwesig=heid van onderwysers, leerplan (sillabus) en klaskamermetodiek en die bevoegdheid van die onderwysers te doen het;

(2) administrasie soos byvoorbeeld publisiteit, werwing van leerlinge, veiligheid en higiëne;

(3) finansiële organisasie wat betrekking op staatsfondse en koshuisgelde het, en

(4) <u>die reëling van skoolse aktiwiteite en verskaffing van inligting.</u>

Die afbakening van die bevoegdhede van die verskillende belange= groepe van bogenoemde komitee toon dat die ouers slegs finale uitspraak het ten aansien van veral publisiteit, werwing van leer= linge, veiligheid, higiëne en skoolfunksies. Daarenteen het die leerlinge meer in die besonder belang in aangeleenthede rakende algemene tug, terwyl die onderwysers hul stem veral uitbring in sake wat betrekking het op die verdeling of afskaffing van huiswerk en die metodiek vir sover die onderwysregulasies 'n mate van vry= heid toelaat. Ouers, onderwysers en leerlinge kan slegs raadgewend optree ten aansien van onder andere tugmaatreëls, die skoolrooster, die probleem in die daaglikse skool- en koshuisprogram en die beheer van koshuis- en ander fondse. Ten aansien van al hierdie aangeleenthede het die skoolhoof die finale sê.

Waar die voorgaande assosiatiewe beheer aanvanklik slegs op 'n eksperimentele basis ingevoer is, is dit van 1 September 1971 in alle primêre, sekondêre en tegniese staatskole ingevoer. Hierdie invoering het gevolg op die besondere entoesiasme wat daaroor bestaan het sedert dit in 1969 vir die eerste keer in die Belgiese skole toegepas is.

## 3.6 SAMEVATTING

'n Samevatting van die gegewens ten aansien van die oueraandeel soos wat daaraan in enkele oorsese lande vergestalting gegee word, behoort te geskied in die lig van wat gesê is oor die onderwysaan= geleenthede waarin die ouer moontlik om medeseggenskap kan vra. Soos uit die voorgaande betoog geblyk het, kom dit voor dat daar wel voorsiening gemaak word dat ouers ten aansien van sommige van die aangeleenthede 'n aandeel geniet soos weerspieël deur die volgende:

(a) In al die bestudeerde lande word daar voorsiening gemaak vir statutêre liggame waarop die ouers kan dien en deur middel waarvan hulle 'n invloed op die onderwys kan uitoefen.

(b) Wat betref <u>al</u> die terreine ten aansien waarvan die ouer met reg op medeseggenskap kan aanspraak maak, word daar in al die bestudeerde lande in mindere of meerdere mate voorsiening ge= maak. Nie orals egter behels die toegesegde aandeel voorregte met eksplisiete ingrypingsmoontlikhede in die gang van sake nie, maar word veelal dienslewering van die ouer geverg.

# HOOFSTUK 4

## SEKERE HISTORIESE MOMENTE OM DIE AARD VAN DIE VER= LOOP VAN DIE OUERAANDEEL IN DIE ONDERWYSSTELSELS IN SUID-AFRIKA TE ILLUSTREER

### 4.1 INLEIDING

In die vorige hoofstuk is 'n aanduiding gegee van die rol wat die ouer in die onderwys in sekere oorsese lande speel. Hoewel die organisasie in sommige lande baie doeltreffend skyn te wees, kan geeneen van dié stelsels sonder meer in die RSA geïmplemen= teer word nie. Die vernaamste rede hiervoor is dat elke volk volgens sy eie aard, en kragtens sy historisiteit 'n eie identiteit verwerf het wat hom uniek maak tussen die volke van die wêreld. In elke ver= nuwingspoging bly 'n volk onverbreeklik verbonde aan sy verlede wat medebepalend is vir sy toekoms. Die verlede van 'n volk is steeds in die hede opgesluit en die hede verwys tegelykertyd steeds na wat komende is. Om 'n verantwoorde stelsel vir die toekoms daar te stel, moet daar dus ook gesoek word na wat in die verlede gangbaar was, hoe daar met verloop van tyd opnuut aan gebeurtenisse be= tekenis gegee is en hoe vandag daaraan betekenis gegee word met die oog op die toekoms.

### 4.2 DIE WYSE WAAROP DIE OUERS BETREK IS IN DIE STIGTING, BEHEER EN ONDERHOUD VAN SKOLE IN DIE KAAPSE ONDERWYSWESE 1652-1910

Die inisiatief vir die stigting van skole het gedurende die Nederlandse bewind aan die Kaap aanvanklik van die Gereformeerde kerk van Nederland uitgegaan wat 'n sterk reformatoriese tradisie vanuit Holland oorgedra het wat medebepalend vir die toekomstige eie aard van die Afrikaner was.

Die hoofdoel met die onderwys was godsdiensonderrig, met die ge= volg dat die plaaslike beheer in die hande van die kerkrade was. Hulle kon onderwysers keur, skole besoek, skole sluit en die ont= slag van 'n onderwyser by die Goewerneur aanbeveel. Die Kerk was

egter grotendeels onder Staatsbeheer en die predikante is deur die regering aangestel en besoldig. Die Britse bewind aan die Kaap aanvanklik in 1795 en daarna in 1806 het 'n nuwe era in die onder= wys aangekondig.

Tydens die bewind van Cradock is voorsiening vir plaaslike distrik= skoolkommissies vir die Kosterskole gemaak. Die pligte van hierdie kommissies is egter eers in 1827 behoorlik omskryf. Die regulasies, opgestel deur die sekretaris van die Bible and School Commission, het vir die volgende voorsiening gemaak:

(1) Toesighouding oor openbare skole in die distrik is aan 'n skoolkommissie opgedra.

(2) Kwartaallikse vergaderings moes gehou word om te be= raadslaag oor die onderwys in die distrik.

(3) Voorsiening is gemaak vir die hou van buitengewone vergaderings.

(4) Daar is van die lede van die skoolkommissies en veral van die predikante verwag om die skole in hulle distrik so dikwels moontlik gedurende skoolure te besoek.

(5) Die skoolkommissies moes toesig hou oor die vordering van kinders, die uitreiking van skoolpryse, die vasstelling van vakansies, die morele gedrag van onderwysers en leerlinge en oor skoolgeboue in die algemeen.

(6) In die geval van belangrike sake moes die skoolkommissies in verbinding tree met die Bible and School Commission in Kaapstad (4, bll. 51-53).

In 1834 is op aanbeveling van die Bible and School Commission bepaal dat daar vir elke skool 'n plaaslike skoolkommissie sou wees, bestaande uit nie minder as drie lede nie. Hierdie plaaslike skoolkommissies kon vir die vulling van vakatures aanbevelings aan die Bible and School Commission voorlê.

Hierdie kommissies is egter nie deur die plaaslike inwoners gekies nie, maar is deur die Kaapse regering aangestel en het gewoonlik

uit siviele kommissarisse, residensiële magistrate, predikante en ouderlinge bestaan. Hierdie prosedure het voldoende mag aan die Goewerneur verleen om na willekeur aanstellings te maak en sy houvas op die plattelandse onderwys te verseker.

As gevolg van die kritiek op die gratis onderwys is daar in die regulasies van 1834 ook vir die betaling van skoolgelde voorsiening gemaak. Die stelsel van hoofdelike toelaes is ook ingevoer (4, bl. 53). Met die beheer van onderwys in die hande van die goewerneur gesentraliseer, is alle plaaslike inisiatief en belangstelling uitge= doof en alle samewerking tussen staat, skool en huis onmoontlik gemaak.

Die benoeming van die Superintendent-generaal van Onderwys in 1839 het meegebring dat die regulasies van 1834 in 1842 afgeskaf is en daar bepaal is dat lede van die skoolkommissie nog die skole kon besoek, maar dat alle interne sake van die skool, soos byvoor= beeld onderwys en dissipline, direk onder die beheer van die super= intendent-generaal gestel sou word. Die werksaamhede van die skoolkommissies is dus tot die meer materiële sake van die skool, soos byvoorbeeld skoolgeboue, beperk. Verder moes hulle 'n wa= kende oog oor die algemene toestand van die onderwys in hulle omgewing hou.

Vir die sogenaamde derdeklas- of plaaskole is in 1843 voorsiening gemaak vir gekose skoolkommissies wat verantwoordelik was vir die oprigting en instandhouding van klaskamers en onderwysers= wonings en die verskaffing van waarborge, naamlik dat plaaslike bydraes, gelyk aan staatstoelaes, jaarliks aan die onderwysers betaal sou word (4, bll. 76-85).

Na 'n lang stryd is op grond van verskeie onderwyskommissies se aanbevelings skoolrade in 1905 ingestel. Die kolonie is in ongeveer een honderd skoolraaddistrikte verdeel. Aan die hoof van elke distrik sou 'n skoolraad bestaande uit 6 tot 18 lede wees, van wie twee- derdes deur stemgeregtigde kiesers gekies en die res deur die goewerneur benoem sou word. Verder is ook voorsiening gemaak vir die voortbestaan van plaaslike skoolkommissies bestaande uit 7 lede gekies deur die ouers vir 3 jaar. Hulle was verantwoordelik vir die toesig oor skole wat onder hulle ressorteer en vir die aanbe= veling van leerkragte vir aanstelling.

Die skoolrade is belas met die stigting van nuwe skole en die geleidelike invoering en toepassing van verpligte skoolbesoek vir alle Blanke kinders van 7 tot 14 jaar.

Wat betref die finansiële sy van die onderwys, is aanvanklik bepaal dat die Kaapse Onderwysdepartement en die skoolrade alle koste om die helfte sou dra, maar aangesien die skoolrade nie hulle verpligtinge kon nakom nie, is alle finansiële verantwoordelikheid in 1910 na die provinsiale raad oorgedra, met die gevolg dat sentralisasie stadig maar seker 'n voldonge feit geword het (4, bll. 158, 159).

## 4.3 DIE AANDEEL VAN DIE OUER IN DIE SKOLE IN DIE TYD VAN DIE ZUID-AFRIKAANSCHE REPUBLIEK (ZAR)

Aanvanklik het die Volksraad van die ZAR op grond van 'n verwar= ring wat ten aansien van die begrip "gemeente" bestaan het, die beheer van skole aan die kerkraad opgedra (23, bll. 18, 19) maar in 1853 is 'n skoolkommissie benoem om onderwyssake te beheer. Die Volksraad het bepaal dat onderwysers deur die kerkraad gekeur word, maar in diens van die staat staan; die ouers het self geen direkte seggenskap gehad nie. In 1855 het die staat volle ver= antwoordelikheid ten opsigte van onderwys aanvaar en is die plaaslike beheer aan die staat saam met die kerk toevertrou. In die grondwet van 1858 is neergelê dat die staat die leiding van verantwoordelikheid oor die onderwys sou aanvaar en plaaslike skoolkommissies en 'n algemene skoolkommissie is benoem. Landdroste sou ampshalwe lede van die kommissies wees. Predi= kante is steeds deur die regering as voorsitters benoem. Die ouers se seggenskap is as sodanig feitlik opgehef. Hulle moes wel geldelik bydra (vasgestelde skoolgelde en boeke), maar geboue en toerusting sou deur die staat verskaf word, terwyl die keuring van boeke en toesig oor die eksamen onder die beheer van die plaaslike skoolkommissie was.

Volgens die Wet van 1878 tree daar egter 'n verandering in: die grondslag van die onderwys word nou staatsondersteunde skole; die landsburgers sou die skoolkommissies kies maar landdroste en veldkornette sou ampshalwe as voorsitters optree. Hierdie kommissies kon onder andere onderwysers voorstel vir goedkeuring

of vir benoeming aanbeveel. Die jare 1882 tot 1892 word gekenmerk deur plaaslike beheer in 'n gesubsidieerde skoolstelsel. Die inisia= tief vir die oprigting van skole, net soos die beheer van sodanige skole, is aan plaaslike ouers oorgelaat. Die Wet van 1882 lê die beginsel van ouerreg en -plig neer: die plaaslike beheer kom in die hande van die gemeenskap van skoolouers, terwyl die kerk leiding sou neem by skoolstigting en die samestelling van kommis= sies. Die nuwe skoolkommissies was verantwoordelik vir geboue, toerusting, wonings vir onderwysers, skoolgelde, vasstelling van staatstoelaes waarop die skool geregtig is, salarisse, gratis onder= wys vir sommige leerlinge, keuse van onderwysers, huishoudelike aangeleenthede en algemene toesig oor die skool. Die kommissies het egter geen seggenskap oor die professionele werk van die onder= wyser gehad nie.

Volgens Roos (23, bll. 516 - 540) moet die stelsel van plaaslike beheer onder die ZAR beoordeel word in die lig van die destydse sosio-ekonomiese, politieke en kerklike toestande. Daar was nie genoegsame plaaslike belangstelling nie, daar was 'n gebrek aan eendragtige samewerking, en 'n gebrek aan ervaring in beheer. Die mate van plaaslike seggenskap wat aan die ouers toegeken is, het nie met die nodige verantwoordelikheidsbesef by hulle gepaard gegaan nie. Oorsake hiervoor moet gesoek word in die landelike lewe van die boere, ongunstige ekonomiese omstandighede, ver= deeldheid op kerklike gebied en onvaste politieke toestande, toenemende verarming en ontwrigting deur die mynnywerheid en verstedeliking. Dit was dus 'n geval dat die staat moes ingryp omdat die ouers deur nalatigheid of onvermoë nie reg laat geskied het aan die opvoeding van hulle kinders nie.

Ook die plaaslike beheer van staatskole op die goudvelde het nie 'n suksesvolle afloop gehad nie. In 1896 is goedkeuring geheg aan die oprigting van staatskole op die goudvelde, en die beheer is toegesê aan skoolrade. Die skoolrade is deur die regering saam= gestel uit verteenwoordigers van verskillende nasionaliteitsgroepe. Hierdie rade het aanbevelende magte gehad vir die oprigting van skole, medium van onderrig, benoeming van onderwysers en die vasstelling van skoolgelde. Die regering sou op aanbeveling van die skoolraad 'n plaaslike skoolkommissie vir elke staatskool be= noem. Skoolkommissies sou belas wees met sake soos direkte

toesig oor geboue en onderwysers, ontvangs van skoolgelde en moes kwartaalliks oor hul werksaamhede aan die skoolraad self verslag doen (17, bl. 527).

Kerklike twis en die feit dat die kerke gesubsidieerde onderwys en nie staatskole wou hê nie, die uitlanderprobleem en die klag van die skoolrade dat hulle te min regte het, kon aangevoer word as redes waarom dié stelsel nie 'n sukses was nie. Van Tonder wys ook op die belangeloosheid van die ouers, wat die beginsel van oueraandeel gekortwiek het (31, bll. 228-276).

## 4.4 DIE WYSE WAAROP DIE OUERS IN DIE NATALSE ONDERWYS BETREK WAS

Totdat die Engelse die bewind in 1845 in Natal oorgeneem het, was daar weinig sprake van georganiseerde onderwys in dié gebied. Sowel die Engelse setlaars te Durban as die Voortrekkers het die onderwys hoofsaaklik in die hande van die ouers gelaat. Waar laas=genoemde groep wel van die sogenaamde deeltydse onderwysers gebruik gemaak het, het hulle self dikwels die godsdiensonderrig waargeneem aangesien die onderwysers nie altyd van onbesproke karakter was nie (24, bl. 21). Die verantwoordelikheid vir die onderwys het by die ouers berus en die onderskeie regerings het hulle tot 1845 nie opsetlik daarmee bemoei nie.

Vir die tydperk 1846 tot 1855 het Natal, vir sover dit die bestuur daarvan betref, 'n deel van die Kaapkolonie geword en het 'n Luitenant-Goewerneur, wat in alle belangrike sake aan die Kaapse Goewerneur en die Wetgewende Raad ondergeskik was, die bestuur waargeneem. Gedurende hierdie tyd is daar staatskole te Durban en Pietermaritzburg gestig, maar op die platteland het die Boere nog op die bestaande wyse van die dienste van rondgaande onder=wysers gebruik gemaak. Elders het hulle egter ook met staats=ondersteuning skole gestig en in stand gehou (24, bll. 35-50).

Dit was egter die Skool-Kommissie van 1849 en die Kommissie van Onderwys van 1853-1855 wat die rigting sou aandui vir die toekomstige oueraandeel in die Natalse Onderwys. Al die lede van beide kommissies is deur die regering aangewys en in der

waarheid was vier van die vyf lede van eersgenoemde kommissie regeringsamptenare. Geen wonder dat daar selfs indertyd besware van die ouers teen dié ondemokratiese werkwyse aangeteken is nie (24, bl. 52). Beide kommissies het aanbevelings betreffende die daarstelling van skoolkomitees gemaak. Volgens die Skoolkom= missie moes die bestuur van die staatskole aan plaaslike skool= komitees wat deur die Luitenant-Goewerneur aangestel is, toevertrou word. Die pligte en bevoegdhede van hierdie komitees sou onder andere die volgende wees:

(1) Die algehele beheer van die finansies van die skool, onderhewig aan die goedkeuring van die Luitenant-Goewerneur.

(2) Die aanbeveling van hoofonderwysers by die Luitenant-Goewerneur en die aanstelling van junior onderwysers.

(3) Toelating tot die skool en die verwydering van kinders uit die skool wanneer dit nodig mag wees.

(4) Die ondersoek van klagtes van ouers of voogde teen onderwysers.

(5) Afneem van jaarlikse toetse onder leiding van die hoof of 'n persoon wat deur die komitee aangestel is (24, bll. 56, 57).

Die aanbeveling van die Kommissie van Onderwys van 1853 is dat skole onder beheer van plaaslike komitees staan en dat die belange van die ouers en kinders in 'n voldoende mate behartig moes word (24, bl. 63). Alhoewel die aanbevole komitees dan ook mettertyd in die lewe geroep is, was hulle 'n mislukking en het eerder strem= mend as heilsaam op die onderwys ingewerk, aldus Steenkamp (24, bl. 66).

Van 1856 af kon Natal, onafhanklik van die Kaapse Regering deur middel van 'n stelsel van Verteenwoordigende Regering, sy eie sake behartig (24, bl. 68). Dit het aan die volk deelname in landsake, waaronder die onderwys ressorteer, beloof. Met die oog op die verbetering van die onderwys het die Goewerneur (Scott) 'n Selek-komitee in 1856 benoem. Wat betref die kwynende oueraandeel in die onderwys, het die Selek-komitee aanbeveel dat alle skole wat subsidies van die staat ontvang, onder beheer van 'n plaaslike

komitee moet staan. Sodanige komitee moes uit nie minder as drie en nie meer as vyf belanghebbende persone bestaan nie en sou die volgende bevoegdhede en werksaamhede hê:

(1) Om 'n geskikte gebou vir die skool onder hul beheer te verskaf en in stand te hou;

(2) om die nodige meubels, boeke en skoolbenodigdhede aan te koop;

(3) om onderwysers aan te stel;

(4) om die finansies van die skool te behartig;

(5) om gereeld die skool onder hulle beheer te besoek en om rapport ten aansien van die bekwaamheid van die onderwysers en die vordering van die leerlinge te lewer, en

(6) om te besluit wie skoolgelde moet betaal en wie nie (24, bll. 71, 72).

Op die oog af wil dit lyk of daar hiermee groter aandeel aan die ouer in die onderwysgebeure in die vooruitsig gestel is. Die Selekkomitee het egter bepaal dat slegs daardie persone wat tot die instandhouding van die skool bydra, kon kies en verkies kon word vir die skoolkomitee. Dit was ook nie nodig dat die lede van die skoolkomitee ouers van kinders in die betrokke skool moet wees of selfs in die betrokke distrik of wyk hoef te woon nie (24, bl. 72). Die feit dat die instelling van skoolkomitees hier deur 'n derde instansie bepleit word, dui nogtans op die demokratiese opvatting wat daar begin posvat het, veral wat betref seggenskap van die publiek in plaaslike aangeleenthede (24, bl. 72).

Alhoewel ook die Raad van Onderwys wat in 1858 in Natal ingestel is die noodsaaklikheid van skoolkomitees beklemtoon het, was ook dié Raad van mening dat die lede van die komitees aangestel moes word. Voorts het die Raad die opvatting gehuldig dat slegs persone wat 'n finansiële bydrae kon maak tot lede van die skoolkomitees verkies kon word. Met so 'n stelsel kon dit egter maklik gebeur dat baie ouers geen seggenskap sou hê in die bestuurs- en ander aangeleenthede van die skool waarheen hulle kinders gegaan het nie (24, bl. 78).

In 1859 is dr. R.J. Mann as eerste Superintendent van Onderwys in Natal aangestel. Indertyd was daar 9 ondersteunde en 2 staatskole in Natal. Alhoewel dr. Mann se houding teenoor die gedagte van skoolkomitees nie baie duidelik blyk nie en dit wil voorkom of hy vir meer sentralisasie gepleit het, is daar nogtans gedurende sy ampstyd skoolkomitees aangestel. Sodanige komitees het hy uit betroubare persone saamgestel om hom in sy pogings om die skole op 'n goeie grondslag te plaas, by te staan (24, bl. 86). Hierdie komitees het egter geblyk as van geen besondere betekenis vir outentieke oueraandeel te wees nie (24, bl. 110). Mettertyd het die skoolkomitees dan ook van die toneel verdwyn. So byvoorbeeld het die Onderwyswet no. 15 van 1877 geen voorsiening vir die handhawing of instelling van skoolkomitees gemaak nie (24, bl. 140).

Alhoewel daar na die aanname van bogenoemde wet geen amptelike mondstuk vir die ouers in die Natalse skoolwese was nie en baie die ouers van belangeloosheid met betrekking tot die onderwys van hulle kinders beskuldig het, blyk tog telkens dat waar werklike beginselsake ter sprake kom, die ouers indiwidueel of as groep die eie belang in die opvoedingsverloop van hulle kinders beskerm het. Daar kan verwys word na die opstand van die ouers gedurende 1875 teen geïntegreerde onderwys in Durban as gevolg waarvan mettertyd aparte skole vir Kleurlinge gestig is (24, bll. 117, 118) en die volhardende pogings van die Afrikanerbevolking op die platteland om Hollands in die skole ingevoer te kry. Laasgenoemde aange= leentheid het in 1904 gelei tot die stigting van CNO-skole onder andere te Brakhoek en Newcastle (24, bl. 192).

'n Oorsig van die onderwys in Natal toon dus dat daar in geen stadium sprake was van werklik outentieke en demokratiese medeseggenskap vir die ouers in die onderwys nie. Die kanale vir medeseggenskap het op geen tydstip behoorlik gefunksioneer nie. Nogtans het die ouers telkens waar dit nodig geblyk te wees het, die eie aandeel in die opvoeding van hulle kinders beskerm.

## 4.5 DIE WYSE WAAROP DIE OUERS BETREK WAS IN DIE ONDERWYSSTELSEL VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT

Voor 1848 het Trekkerouers in die gebied wat nou as die Oranje-

Vrystaat bekend staan, hul kinders self onderrig of van die dienste van 'n rondgaande onderwyser gebruik gemaak. Met die totstand=koming van die Oranjerivier-soewereiniteit in 1848 is staatskole ingestel. Hierdie skole moes elke week deur 'n skoolkommissie besoek word wat moes toesien dat die registers in orde was. Elke kwartaal moes eksamen deur lede van die skoolkommissie afge=neem word (17, bl. 26).

In 1854 het die Republiek van die Oranje-Vrystaat tot stand gekom. Die Volksraad van die Republiek het in 1855 besluit dat vir elke distrik 'n skoolkommissie benoem word bestaande uit die landdros, die predikant of konsulent van die NG gemeente, asook een lid deur die inwoners van die dorp en twee lede deur die inwoners van die distrik gekies. Die beheer van staatskole en die aanbeveling van onderwysers vir aanstelling deur die President het by dié kommissies berus. Onderwysers sou 'n vaste staatstoelae plus skoolgelde ontvang (17, bl. 39).

Die kommissies het jaarliks rapporte opgestel wat deur die Presi=dent nagegaan is en hy het dan 'n oorsig hiervan by die sitting van die Volksraad gegee (17, bll. 40, 41). Dit het egter geblyk dat hierdie skoolkommissies nie doeltreffend gefunksioneer het nie en in 1861 wys die President in die Volksraad op hul onbekwaam=heid.

'n Oorsig van die geskiedenis van die onderwys gedurende die eerste jare van die Republiek van die Oranje-Vrystaat toon dat alhoewel die skoolkommissies nie doeltreffend gefunksioneer het nie, het die ouers tog daar waar die goeie voortsetting van hulle opvoedings=ideale in die skool bedreig is, ingegryp. So het ouers byvoorbeeld geweier om hul kinders skool toe te stuur as daar nie ook aan Hollands die nodige aandag geskenk is nie, of as die onderwyser se godsdienstige opvattinge van hul eie verskil het (17, bll. 43-58).

Nuwe onderwysregulasies is in 1864 opgestel wat bepaal het dat skoolkommissies uit vyf lede sal bestaan wat deur intekenaars uit hul midde gekies word. Intekenaars was diegene wat 'n staat=skool per versoekskrif aanvra en 'n geldelike bydrae waarborg. Die kommissie kon onderwysers aanbeveel by die President en ontslaan, moes jaarliks 'n rapport by die Regering indien oor die toestand van die skool en maandeliks vergader ten einde die belange van die

skool te behartig en klagtes oor onderwysers aan te hoor. Enige lid van die skoolkommissie het die reg gehad om vrae te vra by die afneem van eksamens (17, bl. 67, 88).

Volgens Ordonnansie nr. 5 van 1872 wat op aandrang van die Sinode van die NG Kerk vir verbeterde onderwys sy ontstaan te danke gehad het, moes in elke distrik 'n skoolkommissie gestig word, bestaande uit die landdros, die predikant van die NG Kerk en drie ander lede deur die Uitvoerende Raad benoem, dog met inagneming van die keuse van die bewoners (17, bll. 76, 77).

Die pligte van die skoolkommissie sou wees om -

(1) toesig oor distriks-, wyks- en rondgaande onderwysers te hou;

(2) halfjaarliks skooleksamens af te neem en aan die Inspekteur van Onderwys te rapporteer;

(3) leerlinge uit die skool te sit ná wangedrag;

(4) die nodige skoolbehoeftes te voorsien soos deur die inspekteur voorgeskryf;

(5) persone aan te stel as lede van die wykskoolkommissie, en

(6) die stigting van nuwe regeringskole goed te keur.

In 1874 is John Brebner as die eerste Inspekteur van Onderwys in die Vrystaat aangestel. Ten einde 'n oorsig oor die onderwystoe=stande in die Vrystaat te verkry, het hy 'n uitgebreide toer deur hierdie gebied onderneem. Daar het hy dan onder andere gevind dat op die meeste dorpies geen skoolkommissies bestaan het nie.

Na sy inspeksiereis is Ordonnansie nr. 1 van 1874 uitgevaardig wat 'n geringe wysiging van die ordonnansie van 1872 was. Hierdie nuwe ordonnansie was die grondslag vir die Oranje-Vrystaat se onderwys tot aan die einde van die Republikeinse bestuur.

Volgens die nuwe ordonnansie kon die inwoners drie van die vyf lede van die skoolkommissie kies. Die ander twee sou die land= dros en die predikant van die NG Kerk wees. In elke wyk van 'n distrik is 'n wykskoolkommissie aangestel wat uit vyf lede bestaan en wat almal deur die inwoners van die wyk verkies is. Hulle het in die wyk toesig gehou oor die wykskole en rondgaande onderwysers. Voorts het hulle bepaal waar wykskole gestig moes word en waar rondgaande onderwysers moes optree (18, bll. 6, 7).

In die Oranje-Vrystaat, net soos in die ander state van Suid-Afrika, was die stelsel van skoolkommissies nie 'n sukses nie. Klagtes het gedurig die Inspekteur van Onderwys bereik dat die lede hul pligte versuim en onverskillig teenoor die onderwys gestaan het. Hulle het die skole maar selde besoek en het die voorgeskrewe vergaderings nie gehou nie (18, bl. 45).

'n Belangrike verandering is in die samestelling van die distrik= skoolkommissie in 1891 aangebring, toe besluit is dat predikante nie meer ampshalwe lede van die skoolkommissies sou wees nie (18, bl. 147). Daar is egter ook besluit dat die Staatspresident op aanbeveling van die Superintendent van Onderwys twee van die vyf lede van die distriks- en wykskoolkommissie sal aanstel, terwyl die ander drie verkies sou word (18, bl. 148).

Dit wil dus lyk asof daar in die Oranje-Vrystaat, reg van die ont= staan van dié gebied as onafhanklike staat, wykskoolkommissies, bestaande uit vyf lede, ingestel is. Aanvanklik is twee lede aan= gewys (landdros en NG predikant) en die ander drie (een uit die dorp en twee uit die distrik) verkiesbaar; daarna is hierdie laaste drie vir 'n tyd lank deur die Uitvoerende Raad benoem (met inag= neming van die plaaslike inwoners se wense) en uiteindelik is hulle weer by wyse van verkiesing aangestel, maar nou was die eerste twee lede nie meer noodwendig 'n predikant en 'n landdros nie.

## 4.6 SAMEVATTING

Die doel met hierdie hoofstuk was om 'n oorsig te bied van die weë of kanale waardeur daar in die vroeëre geskiedenis van Suid-Afrika gepoog is om aan die ouers medeseggenskap in die onderwys te bied. Opvallend is dat daar enersyds nie deur almal met dieselfde

ywer gepoog is om aan die ouers hul regmatige plek in die onderwys toe te ken nie en andersyds dat die ouers self ook nie altyd geneë was om hulle by hierdie aangeleentheid te laat betrek nie.

In die vroeë jare in die Kaapkolonie was die opvoeding en die onderwys van kinders in die hande van hul ouers en het hoofsaaklik gesentreer om die verwerwing van lees- en skryfvaardighede met die oog op selfstandige studie van die Bybel. Hierdie praktyk is deur die Trekkers die binneland ingedra.

Nadat daar in die verskillende state en kolonies gevestigde regerings tot stand gekom het en staat- en staatsondersteunde skole die algemene praktyk begin word het, is daar van owerheidsweë ook plek vir onderwyskomitees en -kommissies in die onderskeie onderwysstelsels ingeruim. In byna elke opsig was hierdie komitees en kommissies as spreekbuise van die ouers nie 'n sukses nie. Hierdie onsuksesvolheid van die skoolkomitees en -kommissies is enersyds toe te skryf aan die feit dat daar nie op demokratiese wyse plek vir die ouers op hierdie komitees ingeruim is nie en andersyds dat die aangewese lede, waaronder landdroste en predi=kante (vergelyk die ZAR en die Republiek van die Oranje-Vrystaat) nie die nodige belangstelling getoon het om 'n sukses daarvan te maak nie. Die bewering dat ouers oor die algemeen nie in die on=derwys belanggestel het nie, hou egter nie verband met die feit dat waar daar wel anders as wat die ouers se opvattinge was, onderrig is, hulle hierteen ten sterkste beswaar gemaak het.

Ten slotte kan dus gesê word dat die wyse waarop daar in die vroeë geskiedenis van Suid-Afrika aan die ouers 'n aandeel in die onder=wys probeer gee is, nie suksesvol was nie, en dat hierdie verskyn=sel aan 'n verskeidenheid van faktore te wyte was.

# HOOFSTUK 5

# BESTAANDE INSTELLINGS WAT VIR DIE OUERGEMEENSKAP 'N AANDEEL BIED IN DIE ONDERWYSSTELSELS VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

## 5.1 INLEIDING

Oueraandeel in die onderwys is reeds in die tweede hoofstuk van hierdie studie verantwoord. Daar is aangetoon dat sodanige aandeel inderdaad samewerking tussen ouers en onderwysers vereis, waarin die ouer 'n aktiewe aandeel moet neem sodat daar nie teenstrydig ten opsigte van die opvoeding van die kind opgetree sal word nie. In hierdie hoofstuk word ondersoek ingestel na watter vorme van georganiseerde samewerking daar bestaan om vir 'n plek aan die ouergemeenskap in die onderwys voorsiening te maak. Hier gaan dit dus om die organisatoriese wat slegs die kanale daarstel waardeur die ouer sy aandeel kan verwerklik, maar as sodanig nie die ver= werkliking daarvan is nie. Die intieme verhouding tussen gesin en skool, ouer en kind kan nie deur reglementering alleen bereik word nie.

Die onderwysbeleid in die Republiek van Suid-Afrika word enersyds deur die provinsiale rade van die onderskeie provinsies en andersyds deur die Volksraad bepaal. Wetgewing deur die regering geld egter vir alle onderwys. Die beheer van die skole is verdeel onder die onderskeie onderwysdepartemente van die verskillende provinsies en die Departement van Nasionale Opvoeding.

Die oueràandeel in die beheer van skole verskil in die Republiek vir sover die verskillende departemente elk 'n eie beleid volg. Sodanige eie beleid het tot gevolg dat die onderskeie onderwys= departemente instansies waarop ouers verteenwoordiging kan hê, soms anders benoem en uiteenlopende take daaraan oplê. 'n Saaklike bespreking word aangebied.

## 5.2 TRANSVAAL

In hoofstuk 2 van die Onderwysordonnansie van 1953 word vir verkose

en benoemde plaaslike liggame in die vorm van skoolrade, beheer=rade, skoolkomitees en adviesrade voorsiening gemaak. 'n Kort uiteensetting van die samestelling en taak van die verskillende plaaslike liggame word in die volgende paragrawe gegee (27, bl. 4).

### 5.2.1 Skoolraad

In 'n inligtingstuk verstrek die Transvaalse Onderwysdepartement die volgende algemene inligting insake skoolrade:

"'n Skoolraad bestaan uit 6, 9 of 12 lede, na gelang die Administra=teur in elke geval bepaal. 'n Kworum van 'n raad bestaan uit 4, 5 of 7 lede na gelang daarvan of sodanige raad uit 6, 9 of 12 lede bestaan.

Die verkiesing van lede van skoolrade geskied gelyktydig vir die hele Transvaal en voor elke sodanige algemene verkiesing word die omskrewe gebied van elke raad deur die Administrateur opnuut bepaal. Elke omskrewe gebied word onderverdeel in soveel kies=eenhede as wat daar lede is wat vir elke raad verkies moet word. Afgevaardigdes volgens die inskrywing van die betrokke skool van beheerrade, adviesrade en skoolkomitees van elke kieseenheid kom op 'n voorafbepaalde datum byeen om 'n lid van die raad vir die betrokke kieseenheid te kies. Wanneer 'n vakature in die raad ontstaan, word dit gevul deurdat die afgevaardigdes vir die betrokke kieseenheid weer byeenkom om 'n nuwe lid te kies" (28, bl. 5).

Die verkiesing van skoolraadslede word gedoen deur kieseenhede wat saamgestel word uit 'n skool of groep skole na gelang van die in=skrywing (leerlingtal). 'n Kieseenheid word bepaal deur die totale leerlingtal van die skoolraadsgebied te deel deur die getal lede wat verkies word, byvoorbeeld as twaalf skoolraadslede verkies moet word om 60 000 leerlinge te verteenwoordig, sal daar in elke kies=eenheid 5 000 leerlinge wees. Van hierdie getal word 'n afwyking van 15 persent toegelaat.

Die bevoegdhede en pligte van elke raad word soos volg in genoemde inligtingstuk omskryf:

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING
HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL

"(a) Die raad adviseer die Direkteur in verband met die voor=siening van geboue en terreine.

(b) Die raad beveel by die Direkteur die raadsaamheid daarvan aan om die toelating van leerlinge tot enige inrigting wat bestaan of voorsien gaan word, te beperk.

(c) Die raad adviseer die Direkteur in verband met die instel=ling en onderhoud van vervoërskemas.

(d) Die raad is verantwoordelik vir die versorging en onderhoud van geboue, ameublement en uitrusting.

(e) Die raad het die reg om die gebruik van geboue of persele buite skoolure vir enige ander doel as skooldoeleindes toe te staan of te weier.

(f) Die raad oorweeg alle sake wat deur 'n skoolkomitee aan hom voorgelê word en kan aanbevelings daaroor aan die Direkteur doen maar die raad het geen bevoegdheid betreffende die aanstelling van onderwysers nie.

(g) Die raad is verantwoordelik vir die toepassing van die be=palings van die Ordonnansie met betrekking tot verpligte skool=besoek" (28, bl. 5).

Na aanleiding van 'n onderhoud wat Oggendblad met prof. J.H. Jooste, Adjunk-direkteur van Onderwys, rakende skoolrade gevoer het, het 'n uiteensetting van die beoogde wysigings onder die opskrif "Skole se rade so gewysig", in Oggendblad van 19 November 1973 verskyn.

Ordonnansie nr. 29 van 1953 magtig die Administrateur om van tyd tot tyd die Provinsie in soveel skooldistrikte in te deel as wat hy nodig ag. Terselfdertyd verleen dit hom oók die bevoegdheid om die gebied van enige sodanige distrik te verander, indien dit nodig blyk te wees.

Ten einde die nuwe beleid van gedifferensieerde onderwys tot sy reg te laat kom, is die ou stelsel ingrypend verander, dog egter binne die raamwerk van bogenoemde ordonnansie.



043081

Onder die ou bedeling was Transvaal in 21 skoolraadsdistrikte ingedeel en deur 201 skoolraadslede verteenwoordig, terwyl die nuwe bedeling vir 42 skoolraadsdistrikte en 378 skoolraadslede voorsiening maak, ten einde gedifferensieerde onderwys doeltreffend toe te pas. Elke skoolraadsdistrik word onderverdeel in 9 kieseenhede, waarvan elkeen uit een of meer skole bestaan. Indien 'n kieseenheid uit een skool bestaan, nomineer hulle 'n kandidaat vir die skoolraad wat dus on= bestrede verkies word. Waar meer as een kandidaat genomineer word, moet 'n verkiesing gehou word. Waar kieseenhede egter uit meer as een skool bestaan, bepaal die aantal leerlinge die aantal stemgeregtigde afgevaardigdes waarop 'n skool geregtig is by nominasievergaderings. Verkiesings word gehou waar meer as een kandidaat benoem word.

Hierdie uitbreidings bring mee dat die gemiddelde leerlingtal per skoolraadslid van 2 218 verminder het na 1 177, wat beslis 'n baie beter verteenwoordiging aan die ouers gee.

By geleentheid het die Administrateur, mnr S.G.J. van Niekerk, dan ook daarop gewys dat elke eenheid nou 'n eie skoolraad kry, wat hom dus selfversorgend maak en ook 'n beter verteenwoordiging aan die ouers gee.

### 5.2.2 Beheerraad

'n Beheerraad bestaan uit 6, 9 of 12 lede en die volgende beleid is van toepassing met betrekking tot die aantal lede wat verkies word.

(1) Sekondêre skole met 'n inskrywing van minder as 300 leerlinge: 6 lede.

(2) Sekondêre skole met 'n inskrywing van 300 tot 399 leer= linge: 9 lede.

(3) Sekondêre skole met 'n inskrywing van 400 en meer leerlinge: 12 lede (28, bl. 6).

'n Kworum van 'n beheerraad bestaan uit 4, 5 of 7 lede na gelang daarvan of sodanige beheerraad uit 6, 9 of 12 lede bestaan (28, bl. 6).

"Die verkiesing van lede van beheerrade word deur die plaaslike skoolraadsekretaris gereël. In die geval van 'n verkiesing van lede van 'n beheerraad is elke vader en moeder in Transvaal woonagtig, van een of meer kinders op die register van die betrokke skool ten tyde van sodanige verkiesing geregtig om tydens sodanige verkiesing te stem. Waar iemand anders as die vader of moeder die voogdy oor sodanige kind of kinders het, is slegs sodanige ander persoon of sy gade of albei in Transvaal woonagtig, geregtig om by sodanige verkiesing te stem. Wanneer 'n vakature in die beheerraad ontstaan, word dit gevul deurdat die oorblywende lede 'n bevoegde persoon kies om die vakature te vul" (28, bl. 6).

Die volgende word as die belangrikste bevoegdhede en pligte van 'n beheerraad beskou:

(1) Toesig oor geboue en terrein.

(2) Die reg om sodanige inrigting binne te gaan.

(3) Ondersoek van inspeksieverslae en die indiening van aanbevelings by die Departement.

(4) Versorging van geboue, ameublement en uitrusting en die persele wat daarby behoort, asook die reg om die gebruik, buite skoolure, van enige sodanige geboue of persele vir enige ander doel as skooldoeleindes toe te staan of te weier.

(5) Aansoeke oorweeg en aanbevelings indien in verband met die aanstelling van onderwysers in 'n permanente hoedanigheid.

(6) Die doen van aanbevelings indien dit in verband staan met

(a) die bevordering van 'n onderwyser tot 'n hoër gegradeerde goedgekeurde pos by sodanige inrigting;

(b) die aanstelling van 'n onderwyser in 'n permanente hoe= danigheid in 'n vakante pos sonder advertensie, en

(c) die permanente oorplasing van 'n onderwyser in 'n perma= nente hoedanigheid elders aangestel.

(7) 'n Klag inbring teen 'n onderwyser wat in die uitoefening van sy politieke en burgerlike regte, sy status en geskiktheid as onderwyser daardeur benadeel.

(8) 'n Onderwyser teen wie 'n klag van wangedrag ingebring is, hom in sy diens skors in die omstandighede in genoemde artikel uiteengesit.

(9) Stappe doen om 'n kind se besoek by sodanige inrigting te beïnvloed of om te weier dat hy daarin toegelaat word in die omstan= dighede en op die wyse in hierdie artikel beoog.

### 5.2.3 Adviesraad

'n Adviesraad kan uit 6, 9 of 12 lede bestaan en die volgende beleid is van toepassing met betrekking tot die aantal lede wat verkies of benoem moet word:

(1) Openbare spesiale skole
Inskrywing tot 209 leerlinge - 6 lede
Inskrywing van meer as 209 leerlinge - 9 lede

(2) Hoër landbouskole
Inskrywing tot 199 leerlinge - 6 lede
Inskrywing van meer as 199 leerlinge - 9 lede

(3) Beroepskole
Inskrywing minder as 300 leerlinge - 6 lede
Inskrywing van 300 tot 399 leerlinge - 9 lede
Inskrywing van 400 en meer leerlinge - 12 lede (28, bl. 7).

'n Kworum van 'n adviesraad bestaan uit 4, 5 of 7 lede na gelang daarvan of die adviesraad uit 6, 9 of 12 lede bestaan (28, bl.7).

Die verkiesing van 'n adviesraad vir 'n hoër landbouskool is identies aan dié van 'n beheerraad.

Die lede van 'n adviesraad vir 'n openbare spesiale skool en 'n be= roepskool word benoem deur die Administrateur op aanbeveling van die Direkteur van Onderwys. Wanneer 'n vakature op 'n adviesraad

vir openbare spesiale skole of beroepskole ontstaan, beveel die Direkteur by die Administrateur aan wie in die vakature aangestel moet word (28, bl. 7).

Die bevoegdhede en pligte van 'n adviesraad is identies aan dié van 'n beheerraad (28, bl. 7).

### 5.2.4 Skoolkomitee

'n Skoolkomitee bestaan uit 5, 6 of 7 lede na gelang die skoolraad in wie se gebied die skool geleë is, bepaal. 'n Kworum van 'n skoolkomitee bestaan uit 3 lede indien die ledetal daarvan 5 is en 4 lede indien die ledetal daarvan 6 of 7 is. Met betrekking tot die getal lede wat verkies moet word, geld die volgende as leidraad vir skoolrade (28, bl. 8).

Inskrywing tot 99 leerlinge - 5 lede
Inskrywing van 100 tot 299 leerlinge - 6 lede
Inskrywing van 300 en meer leerlinge - 7 lede.

Die verkiesing van lede van 'n skoolkomitee word gehou onder toesig en beheer van die betrokke skoolraad. In die geval van 'n verkiesing van lede van 'n skoolkomitee is dieselfde persone as dié by 'n beheerraad geregtig om te stem (28, bl. 8).

Die bevoegdhede en pligte van die skoolkomitee behels die volgende:

(1) Om 'n saak wat na die mening van die skoolkomitee betrekking op die welsyn of doeltreffendheid van sy skool het, onder die aandag van die skoolraad te bring;

(2) om behoudens die bepalings van artikel twee-en-veertig (van die Onderwysordonnansie van 1953), sodanige stappe te doen as wat vir die skoolkomitee raadsaam mag voorkom ten einde te verseker dat die geboue van sy skool en die persele wat daarby behoort, met inbegrip van ameublement en uitrusting in 'n goeie toestand onderhou word;

(3) om aan die aanstelling van onderwysers deel te hê, en

(4) om sodanige ander bevoegdhede en pligte as wat die skoolraad wettiglik aan die skoolkomitee opdra, uit te oefen en te vervul (28, bl. 6).

Die skoolkomitees se pligte en bevoegdhede is verder dieselfde as dié van Beheerrade (28, bl. 8).

5.2.5 Ouer-onderwyservereniging

Die Transvaalse Onderwysdepartement is die mening toegedaan dat waar daar behoefte aan 'n ouer- of ouer-onderwyservereniging bestaan en die geesdrif van die ouers in dié verband spontaan is, kan die stigting van sodanige liggame aangemoedig word (23, bl. 9).

Volgens genoemde onderwysdepartement het 'n studie van bestaande liggame, sowel in die buiteland as in Transvaal, die feit aan die lig gebring dat hierdie "liggame baie geleenthede op opvoedkundige, kulturele, maatskaplike en liefdadigheidsgebied sal hê om grootliks goeie diens te kan lewer" (23, bl. 9).

In 'n konsepkonstitusie vir 'n ouer- of ouer-onderwyservereniging wys die Transvaalse Onderwysdepartement onder andere op die volgende as 'n belangrike faset van die doelstellings met 'n sodanige vereniging, naamlik dat hierdie verenigings die erkende behoorlik saamgestelde en wettige verteenwoordigers van die ouers in alle onderhandelings met die Transvaalse Onderwysdepartement of die Transvaalse Administrasie moet wees (22, bl. 20). Voorts word daar op die funksies van 'n ouer-onderwyservereniging gewys, naamlik -

"(a) Om algemene vergaderings so dikwels moontlik te organi= seer sodat ouers in die geleentheid gestel word om mekaar te ont= moet en om 'n vriendelike verstandhouding te bestendig met diegene wat vir die bestuur van die skool aanspreeklik is, insonderheid die hoof en personeel , die skoolkomitee of die beheerraad.

(b) Om toesprake en besprekings te reël oor onderwerpe van algemene belang, oor die breër aspekte van onderwys, die psigo= logiese en burgerlike grondslae van karakterontwikkeling en die voorbereiding vir die naskoolse lewe en werk, ens.

(c) Om byeenkomste en kermisse, ens. te organiseer ten einde fondse ten bate van die skool in te samel.

(d) Om die skool, waar dit ook al nodig is, in sy buitemuurse bedrywighede soos byvoorbeeld atletiekbyeenkomste, afrigting in spele, ontvangs van besoekende skole, ens. by te staan.

(e) Om uitstappies vir kinders tydens vakansies te reël of om kinders in die geleentheid te stel om aan sodanige uitstappies deel te neem.

(f) Om besoeke tussen Engels- en Afrikaanssprekende kinders te reël.

(g) Om behulpsaam te wees met die stigting van sosiale klubs of klasse vir stokperdjies, ens. vir sover dit moontlik of wenslik is" (22, bl. 22).

### 5.2.6 Keurrade

Alhoewel die Keurraad nie 'n ouerliggaam is nie, dra dit daartoe by dat 'n ouerliggaam (Beheerraad of Skoolkomitee) se aandeel met betrekking tot die aanstelling van onderwysers nie onoordeelkundig geskied nie. Die liggaam het die funksie om onderwysers wat vir 'n hoof- of vise-hoofpos aansoek doen, vooraf te selekteer op grond van hulle jare ervaring, kwalifikasies en inspeksieverslae, en dan slegs die geskikste of bekwaamste onderwysers vir oorweging aan die betrokke ouerliggaam voor te lê. Sodoende word voorkom dat die onderwysers wat nie vir 'n sekere pos kwalifiseer nie, uitge=skakel word en behou die Departement 'n mate van kontrole oor die aanstelling van onderwysers.

## 5.3 DIE ORANJE-VRYSTAAT

Die Ordonnansie op Onderwys (Ordonnansie no. 16 van 1954) maak voorsiening vir die instelling van skoolrade, skoolkommissies en beherende liggame. Die samestelling en taak van dié instansies word in die volgende paragrawe toegelig.

5.3.1 Skoolrade

Soos in Transvaal, verdeel die Administrateur van die Oranje-Vrystaat die provinsie in skooldistrikte sodat vir elk 'n skoolraad gekies kan word. Die lede van 'n skoolraad vir 'n distrik word gekies luidens Ordonnansie no. 16 van 1954 op 'n vergadering van afgevaardigdes wat benoem is

"(1) deur die kommissies van openbare skole vir blankes in sodanige distrik; of

(2) in die geval van enige sodanige skool, maar uitgesonderd 'n skool in die eerste bylae genoem, wat onder die regstreekse toesig van 'n raad of spesiale kommissie staan, of ten opsigte waarvan daar ten tyde van die verkiesing geen kommissie saamge=stel is nie, op 'n vergadering van ouers van kinders op sodanige skool, belê deur die hoofonderwyser van sodanige skool en gehou op die wyse soos voorgeskryf mag word" (22, bll. 9, 11).

'n Raad bestaan uit soveel lede as wat daar openbare skole in sy distrik is, met dien verstande dat 'n raad uit minstens vyf en, tensy die Administrateur anders goedgekeur het, hoogstens nege lede bestaan (22, bl. 9). Lede van 'n raad beklee hul amp vir 'n tydperk van drie jaar tensy anders deur die Administrateur bepaal (22, bl. 13).

Die volgende is enkele van die bevoegdhede en pligte van die skoolraad.

(1) Die skoolraad oefen, onder beheer van die Departement, 'n algemene toesig uit oor alle openbare skole en aanverwante inrig=tings in sy distrik, met dien verstande dat die raad nie met die benoeming van onderwysers deur 'n skoolkommissie inmeng nie.

(2) Die raad is belas met die toesig oor alle skoolgeboue, meubels en uitrusting van sodanige skoolgeboue.

(3) Die raad dien die Direkteur van Onderwys met advies in verband met die skole of inrigtings onder sy toesig en die stigting en sluiting van skole.

(4) 'n Lid van die raad kan te eniger tyd die skoolgeboue betree met dien verstande dat hy nie inmeng met die onderwyser se werk=saamhede nie.

(5) Die raad kan van 'n personeellid verlang dat hy 'n vergadering bywoon om sodanige inligting te verskaf as wat die raad nodig mag ag (22, bll. 19, 21).

### 5.3.2 Skoolkommissies

Vir elke openbare skool (uitgesonderd daardie skole waarvoor daar 'n beherende liggaam aangewys word), word 'n skoolkommissie saamgestel wat uit vyf tot sewe lede bestaan. Hierdie kommissies word verkies deur ouers met een of meer kinders in die betrokke skool (22, bl. 21). Die taak van die skoolkommissie is om -

(1) enige saak met betrekking tot die skool onder sy beheer onder die aandag van die betrokke skoolraad te bring en aanbevelings daaromtrent te maak;

(2) met inagneming van die minimumlengte van 'n skooldag, skoolure in oorleg met die hoofonderwyser te bepaal;

(3) ondersoek na moontlike skriftelike klagtes in verband met die skool of onderwyspersoneel in te stel;

(4) by die raad aan te beveel dat 'n ondersoek deur die Direkteur van Onderwys ingestel word, indien na die mening van die kommissie 'n lid van die onderwyspersoneel nie die nodige bevoegdhede vir die pos besit nie, en

(5) 'n besoekkommissie aan te stel wat die skool een keer per kwartaal moet besoek, met dien verstande dat hulle hul nie inlaat in die werk deur die onderwyser verrig nie (22, bll. 25, 27).

### 5.3.3 Beherende liggame

Hierdie liggame word saamgestel vir huishoud-, landbou-, handel-, tegniese en spesiale skole, soos in Bylae 1 van die Onderwys=

ordonnansie van 1954 gespesifiseer. Hulle bevoegdhede word voorgeskryf en die lede daarvan word deur die Administrateur op aanbeveling van die Direkteur aangestel (22, bll. 27, 29 en 81).

## 5.4 KAAP DIE GOEIE HOOP

Volgens die Onderwysordonnansie van 1956 maak die Departement vir skoolrade, skoolkomitees, adviserende komitees en adviesrade voorsiening. Die posisie wat betref die rol van die ouer in die onderwysstelsel, is kortliks dat die oorgrote meerderheid van hierdie Departement se skole onder skoolrade ressorteer en skoolkomitees het. Voorts is daar elf laer kerkskole met skoolbestuurders, hoër landbouskole en spesiale middelbare skole met adviserende komitees en beroepskole met adviesrade (10).

Die lede van skoolrade en skoolkomitees word verkies. In die geval van skoolrade is dit nie net ouers van leerlinge wat kiesers is nie, maar ook Blankes wat in die geldende afdelingsraadskieserslys of perlementêre kieserslys as kiesers ingeskryf is. In die geval van skoolkomitees is slegs die ouers van leerlinge wat skole bywoon die kiesers (10).

### 5.4.1 Skoolraad

Vir elk van die 114 skooldistrikte in die Kaapprovinsie word daar 'n skoolraad, bestaande uit 6 tot 18 lede saamgestel. Twee-derdes van die lede van elke skoolraad word verkies en die ander derde word na gelang van omstandighede deur die afdelingsraad, die munisipale raad en die administrateur aangewys (12, Artikel 15). Waar die grense van 'n skooldistrik saamval met dié wat vir 'n afdelingsraad aangewys is, word die wyksindeling van die afdeling ook vir die doel van die verkiesing van die skoolraadslede gebruik. Afhangende dan van die verhouding van die aantal leerlinge in 'n bepaalde wyk tot die totale aantal leerlinge in 'n distrik, kan dit gebeur dat daar vir 'n besondere wyk meer as een lid gekies moet word.

Ingevolge die Kaaplandse Onderwysordonnansie van 1956 (Artikel 42) moet elke skoolraad ten opsigte van sy distrik onder andere -

"(a) onderworpe aan die bepalings van hierdie ordonnansie of enige ander wet, verantwoordelikheid aanvaar vir die bestuur van onsektariese skole;

(b) van tyd tot tyd aan die Departement sy aanbevelings voorlê vir die stigting van skole en die voorsiening van ander onderwys= geriewe en in die algemeen die Departement van raad dien oor aan= geleenthede met betrekking tot die onderwys ..." (11, Artikel 42).

### 5.4.2 Skoolkomitees

'n Skoolkomitee word vir elke skool (en soms 'n bepaalde skool= distrik vir twee of meer skole), uitgesonderd plaasskole, deur die ouers van die kinders verkies. Sodanige komitee kan dan uit drie, vyf of sewe lede bestaan. Volgens die Kaaplandse Onderwysordon= nansie van 1956 (Artikel 54) moet elke skoolkomitee -

"(a) algemene toesig oor die betrokke skool uitoefen, met dien verstande dat die bestek en wyse van sodanige toesig van tyd tot tyd omskryf kan word deur middel van reëls deur die Superinten= dent-generaal gemaak;

(b) die raad adviseer oor sake rakende die welsyn van die skool en aan die raad verslag doen oor enige sodanige saak wat die raad na hom verwys; en

(c) die vertoë van ouers behandel, onderworpe aan die be= palings van hierdie ordonnansie en van enige ander wet" (11, Artikel 54).

### 5.4.3 Adviesrade

Aangesien beroepskole nie onder skoolrade ressorteer nie, kan die Administrateur ingevolge Artikel 57A van die Onderwysordonnansie, 1956, adviesrade vir dié skole aanstel (11, Artikel 57A).

## 5.5 NATAL

Die Natalse Onderwysdepartement maak voorsiening vir die stigting van adviserende skoolkomitees en -rade.

### 5.5.1 Adviserende skoolkomitees

'n Adviserende skoolkomitee moet by elke staatskool gestig word met die uitsondering van beroeps- en landbouhoërskole, tensy 'n liggaam bestaan of gestig word waaraan die Direkteur van Onderwys erkenning gee op sodanige voorwaardes as wat hy mag voorskryf, as nie-wetlike liggaam wat die belange van die skool bevorder (19). Lede word verkies op 'n stigtingsvergadering van ouers van leerlinge wat by die betrokke skool ingeskryf is, waar sodanige vergadering deur die hoof van die skool belê is. Die ledetal van die komitee word deur die vergadering bepaal met dien verstande dat daar minstens drie en hoogstens vyf lede vir skole met minder as 100 leerlinge en minstens vyf en hoogstens nege lede vir groter skole moet wees.

Die funksies van 'n adviserende skoolkomitee kan soos volg saam= gevat word:

(1) Die komitee kan aanbevelings by die Direkteur van Onder= wys doen met betrekking tot die beplanning van skoolgeboue en -terreine of die voorsiening of verbetering van fisiese geriewe by die skool en losies-inrigting of koshuis.

Vir hierdie doel is die komitee geregtig om geboue en terreine te betree en te besigtig en om toerusting te besigtig op sodanige tye as wat met die hoof van die skool gereël word.

(2) Die komitee kan hulp verleen by die voorsiening van fondse tot voordeel van die skool. Hierdie fondse moet deur die hoof van die skool beheer en geadministreer word. Fondse wat vir bepaalde doeleindes ingesamel is, moet deur die skoolhoof in same= werking met die komitee beheer en geadministreer word.

(3) Die komitee kan by die Direkteur van Onderwys aanbevelings doen oor ander aangeleenthede wat die skool raak, met inbegrip van

die aanstelling van skoolhoofde, adjunk-hoofde en onderhoofde.

(4) Enige aanbevelings wat die administrasie van en beheer oor die skool raak, moet by die Direkteur van Onderwys ingedien word slegs nadat die skoolhoof van die aard van die aanbevelings in kennis gestel is. Indien 'n situasie ontstaan waar die komitee dit raadsaam ag om van hierdie prosedure af te wyk, moet die Direkteur sodanige stappe doen as wat hy nodig ag om die skoolhoof op die hoogte te stel van die aard van die aanbevelings wat die komitee by hom ingedien het.

(5) Die komitee kan aanbevelings doen oor enige aangeleent= heid wat die Direkteur aan hom voorlê.

### 5.5.2 Adviesrade vir beroepskole

By elke sekondêre beroepskool moet daar 'n adviesraad gestig word wat uit hoogstens elf lede bestaan. Hoogstens drie lede moet deur ouers van leerlinge wat die skool bywoon, verkies word en hoogstens agt lede moet deur die Administrateur aangestel word. Een erelid kan deur die raad aangestel word.

Die bevoegdhede en pligte van hierdie Adviesrade is dieselfde as dié vir 'n adviserende skoolkomitee. 'n Raad kan komitees instel om hom met betrekking tot enige van sy funksies raad te gee (19).

In die Orgaan van die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie van Kaap= land, Die Unie van Oktober 1973, word na belangrike bepalings insake benoemings van komitees wat in die Onderwysordonnansie vervat is, verwys. Die benamings "adviserende komitee" en "adviesraad" word vervang deur "advieskomitee" in soverre hulle by die beherende liggame van landbouskole, beroepskole, spesiale middelbare skole en koshuise geld.

## 5.6 SUIDWES-AFRIKA

Die Onderwysdepartement van Suidwes-Afrika maak voorsiening vir die verkiesing van skoolkomitees vir gewone skole en die aanstelling deur die Administrateur van lede van adviesrade vir

spesiale en opleidingskole. Daar bestaan ook koshuiskomitees wat uit skoolkomitees saamgestel word (26, bl. 3) (16 bl. 25).

### 5.6.1 Skoolkomitees

Met die uitsondering van spesiale skole word daar vir elke staat=skool 'n skoolkomitee aangestel (26, bl. 3). 'n Skoolkomitee bestaan uit 3, 5 of 7 lede soos die Direkteur van Onderwys bepaal. Elke vader en moeder en voog van 'n kind wat die skool besoek is stemgeregtig (26, bl. 5).

Die volgende kan as die belangrikste pligte en bevoegdhede van die skoolkomitee beskou word:

(1) Algemene toesig oor die betrokke skool met dien verstande dat die bestek en wyse van sodanige toesig van tyd tot tyd deur die Direkteur van Onderwys omskryf kan word.

(2) Die hantering van vertoë van ouers en die advisering van die Direkteur van Onderwys in dié verband.

(3) Die advisering van die Direkteur van Onderwys met betrek=king tot sake rakende die welsyn van die betrokke skool en verslag=gewing ten aansien van enige saak wat die Direkteur na hom verwys.

(4) Indien 'n skoolkomitee rede het om te vermoed dat 'n onder=wyser van die betrokke skool hom skuldig gemaak het aan wangedrag, kan die komitee 'n ondersoek instel na die feite van die beweerde wangedrag of 'n klagte van beweerde wangedrag teen so 'n onderwyser by die Direkteur van Onderwys indien.

(5) 'n Skoolkomitee kan 'n onderwyser teen wie 'n klagte van wangedrag ingebring is en wat op finalisering afgewag word, skors indien daar ooreenkomstig voorgeskrewe prosedure (subartikels (1) en (2) van Artikel 48 van die Onderwysordonnansie) gehandel word.

(6) Die aansoeke van aspirante vir 'n onderwysbetrekking by 'n skool wat deur die Direkteur as geskik vir die betrekking beskou word, word aan die betrokke skoolkomitee gestuur om daaruit 'n

keuse te doen (26, bll. 11-16).

### 5.6.2 Koshuiskomitees

Vir koshuise aan skole verbonde word koshuiskomitees saamgestel uit lede van die skoolkomitee. 'n Koshuiskomitee besit geen be= sturende magte nie, maar tree slegs in 'n adviserende hoedanigheid op en kan dus nie opdragte aan 'n superintendent of hoofonderwyser gee nie (26, bl. 18). Die komitee moet vertoë van ouers behandel en waar nodig, die Onderwysdepartement adviseer (26, bl. 17).

## 5.7 OUER - OF OUER -ONDERWYSERVERENIGINGS IN DIE RSA

Met betrekking tot ouer- of ouer-onderwyserverenigings is dit belangrik om daarop te wys dat sodanige verenigings wel in die RSA bestaan.

### 5.7.1 Transvaal

In Transvaal het hierdie verenigings egter, anders as die plaaslike beheerraad, adviesraad of skoolkomitee, geen statutêre magte nie. Derhalwe moet alle versoeke van hierdie liggame dus deur 'n amptelik-erkende instansie gerig word. Nogtans is dit nodig dat elke vereniging van hierdie aard ooreenkomstig 'n behoorlike aan= vaarde grondwet funksioneer. Sodanige verenigings word in Trans= vaal na gelang 'n behoefte daarna bestaan, gestig (29, bl. 11). Volgens die Transvaalse Onderwysdepartement het 'n studie van bestaande liggame, sowel in die buiteland as in Transvaal, die feit aan die lig gebring dat hierdie "liggame baie geleenthede op opvoed= kundige, kulturele, maatskaplike en liefdadigheidsgebied sal hê om grootliks goeie diens te kan lewer" (27, bl. 18).

In 'n konsepkonstitusie vir 'n ouer- of ouer-onderwyservereniging wys die Transvaalse Onderwysdepartement onder andere op die volgende as 'n belangrike faset van die doelstellings met sodanige verenigings, naamlik dat hierdie verenigings die belange en welsyn van die kinders van die betrokke skool moet bevorder en die goeie

gesindheid van ouers, leerlinge en die onderwysowerheid moet ver=kry (27, bl. 20). Voorts word daar op die funksies van 'n ouer-onderwyservereniging gewys, naamlik:

"(a) Om algemene vergaderings so dikwels moontlik te organiseer sodat ouers in die geleentheid gestel word om mekaar te ontmoet en om 'n vriendelike verstandhouding te bestendig met diegene wat vir die bestuur van die skool aanspreeklik is, insonder=heid die hoof en personeel, die skoolkomitee of die beheerraad.

(b) Om toesprake en besprekings te reël oor onderwerpe van algemene belang, oor die breër aspekte van onderwys, die psigo=logiese en burgerlike grondslae van karakterontwikkeling en die voorbereiding vir die naskoolse lewe en werk, ens.

(c) Om byeenkomste en kermisse, ens. te organiseer ten einde fondse ten bate van die skool in te samel.

(d) Om die skool, waar dit ook al nodig is, in sy buitemuurse bedrywighede soos byvoorbeeld atletiekbyeenkomste, afrigting in spele, ontvangs van besoekende skole, ens. by te staan.

(e) Om uitstappies vir kinders tydens vakansies te reël of om kinders in die geleentheid te stel om aan sodanige uitstappies deel te neem.

(f) Om besoeke tussen Engels- en Afrikaanssprekende kinders te reël.

(g) Om behulpsaam te wees met die stigting van sosiale klubs of klasse vir stokperdjies ens. vir sover dit moontlik of wenslik is" (27, bl. 22).

5.7.2 Kaapland

Ook in Kaapland het ouer-onderwyserverenigings 'n vaste instelling gevind, in besonder in die groot Engelsmediumskole in stedelike gebiede. Weens die bestaan van kerklike en kulturele verenigings in die kleinere dorpe op die platteland, word die mening gehuldig dat die stigting van bykomende verenigings nie gewens sal wees nie (12).

Die bevordering van samewerking tussen ouers en onderwysers en die bekendstelling van onderwysprobleme aan die ouers soos wat dit deur middel van 'n ouer- of ouer-onderwyservereniging kan geskied, word allerweë deur die Kaaplandse Onderwysdepartement besef. Derhalwe moedig genoemde onderwysdepartement die stigting van sodanige verenigings aan. Hierdie aanmoediging geskied ten spyte van die gevaar wat aan die instelling van sodanige liggame verbonde is, soos byvoorbeeld ongeoorloofde inmenging in die interne reëlings van 'n skool, kritiek op die skool en inmenging in die werksaamhede van die plaaslike skoolkomitee (12). Die mening word naamlik gehuldig dat by wyse van sterk professionele leiding van die onder=wysers en/of die skoolhoof die ouer-onderwyservereniging met welslae kan funksioneer en bogenoemde gevare dus uitgeskakel kan word (12).

### 5.7.3 Suidwes-Afrika

Sover bekend bestaan daar in Suidwes-Afrika ook ouer-onderwyser=verenigings maar dit berus uitsluitlik by die betrokke skool om so 'n liggaam te stig (25).

### 5.7.4 Natal

Dit is nie bekend of daar in Natal enige ouer- of ouer-onderwyser=verenigings aan skole verbonde is nie.

# HOOFSTUK 6

# SAMEVATTING EN AANBEVELINGS

## 6.1 SAMEVATTING

### 6.1.1 Inleiding en probleemstelling

Ten einde uitsluitsel te verkry ten aansien van die aandeel wat daar aan die ouer in die onderwysstelsel in die Republiek van Suid-Afrika met betrekking tot die opvoeding en onderwys van sy kind toegeken moet word, het dit nodig geblyk om antwoorde op die volgende vrae te vind:

(1) Op grond waarvan word beweer dat die ouer 'n plek in die onderwysstelsel moet hê?

(2) Wat is die aard en die omvang van die ouer se "plek" in die onderwysstelsel?

(3) In watter vorm moet sodanige plek in die praktyk gereali= seer word?

Wat betref eersgenoemde twee vrae is daar in hoofstuk 2 gepoog om 'n antwoord daarop te verskaf.

### 6.1.2 Die verantwoordbaarheid van ouerseggenskap in die onderwyspraktyk

Met die oog daarop om die verantwoordbaarheid van die ouerseggen= skap in die onderwyspraktyk te regverdig, is gewys op die taak van die ouer met betrekking tot die opvoeding van sy kind. Daar is onder andere daarop gewys dat die gesinsituasie die primêre op= voedingsituasie is en dat dit by uitstek die ouer is wat vir die opvoeding en onderwys van sy kind die verantwoordelikheid moet aanvaar. Hierdie primaatskap van die ouerlike opvoedingsver= antwoordelikheid geld vir alle volke of kulture en vir alle tye en derhalwe ook vir die ouers van kinders in die RSA.

Om Christen te wees, beteken egter om besonder bewus te wees van ouerlike aanspreeklikheid. Deur aflegging van die Doopgelofte bind die Christenouer hom en wel daarin dat hy sy voorneme

eksplisiet bekend maak om sy kind ooreenkomstig die Christelike leerstellinge op te voed.

Die omvang van die onderwysende aspek van die ouer se opvoedings=taak het egter sodanig toegeneem dat skole daargestel moes word om die ouer in dié opsig by te staan. Terwyl die skoolse onderwys in al sy fasette derhalwe verlengstuk is van wat in die huis voltrek is of word, kan die taak van die skool as sekondêr met betrekking tot die opvoeding gestel word. Nogtans kan die skool nie los van die huis staan nie, terwyl die omgekeerde ewe waar is. Vir sover as wat die ouer aandeel in die onderwys van sy kind wil hê, gaan dit dan daarom dat die ouer wil toesien dat dit wat in die skool gebeur, in ooreenstemming is met sy eie opvoedingsdoelstellings. In dié opsig is skool en gesin dus aangewys op mekaar om 'n weg te vind waardeur hulle onderskeie take aansluiting op harmonieuse wyse kan vind.

'n Vraag wat egter met reg gestel kan word, is na die terreine en aangeleenthede in die onderwys ten aansien waarvan die ouer op aandeel aanspraak kan maak. In dié verband skakel die lewens=opvattelike moment soos wat dit in die skoolse opvoeding (onder=wys-) situasie na vore tree, ten nouste met die oogmerke wat die indiwiduele ouer met die opvoeding van sy kind het. In die RSA byvoorbeeld is dit die begeerte van die meerderheid Blanke ouers dat die Christelik-nasionale grondslag van die onderwys, soos wat dit in die wet vasgelê is, (Wet no. 39 van 1967, Artikel 2(1)(a) en (b)) ook in die skole tot vergestalting sal kom.

Ook die vakinhoudelike hou verband met bogenoemde, maar ook en veral met die wêreld waarin geleef word en waarheen die kind op pad is. Vir elke ouer vir wie dit erns is met die opvoeding van sy kind, is dit belangrik om te weet dat die vakinhoudelike van sodanige aard is dat sy kind eventueel as beroepsbeoefenaar sy weg in 'n snel veranderende wêreld sal vind.

In die lig van die voorgaande is dit begryplik dat ouers ook 'n aan=deel sal wil hê in die middele wat ter beskikking van die onderwys=personeel is om die kind bekend te stel en vertroud te maak met die lewensnoodsaaklike kultuursisteme. Dit is ook eg menslik dat elke gemeenskap van ouers, onderwysers en kinders trots is op daardie inrigting waarin die kind sy onderrig ontvang en dat hulle

dus 'n aandeel in die uitbouing en instandhouding daarvan sal wil hê.

Siende dat die onderwyspersoneel dié persone verteenwoordig wat die lewensopvattelike en die vakinhoudelike aan die kind moet oordra, is dit feitlik vanselfsprekend dat die ouers ook aandeel sal wil hê in die toepassing van kriteria wat betrekking het op die be= kwaamheid en lewensopvatting van applikante by die betrokke skool. Daarmee word bedoel dat die ouers aanbevelings sal wil maak met betrekking tot die aanstelling van onderwysers.

### 6.1.3 Die plek wat aan die ouergemeenskap in die onderwys= stelsels in sekere oorsese lande toegeken word

#### (a) Die Verenigde State van Amerika (VSA)

Soos in die ander bestudeerde oorsese lande word daar ook in die VSA in 'n mate vir die ouers met betrekking tot plaaslike beheer in die onderwys voorsiening gemaak. Vir dié doel het elke skool= distrik 'n beherende liggaam, die Board of Education wat kragtens wetgewing met administratiewe magte beklee is en wat aan die gemeenskap verantwoording verskuldig is ten opsigte van die funksionering en beheer van skole in die distrik.

Voorts word veral deur middel van die Parent-Teacher Association (PTA) daarvoor voorsiening gemaak dat die gemeenskaplike ideaal van ouer en onderwyser met betrekking tot die opvoeding van die kind verwesenlik kan word. Meer as in enige van die ander be= studeerde oorsese lande is die ouer-onderwyservereniging in die VSA dus uitgebou tot 'n doeltreffend funksionerende organisasie.

#### (b) Oos-Duitsland

Ook in Oos-Duitsland word daar vir die ouers 'n aandeel in die onderwys gegun en wel in die vorm van onder andere ouerrade en "Klassenelternaktive". Die wyse waarop die verkiesing van voor= genoemde liggame geskied, is egter nie altyd ooreenkomstig demokratiese norme nie, aangesien kandidate benoem moet word deur 'n kommissie hoofsaaklik bestaande uit lede van politieke organisasies. Ten spyte hiervan funksioneer die ouerrade besonder

doeltreffend en word die Kommunistiese ideologie ook en veral deur hulle medewerking uitgebou en gepropageer. Vir die indiwiduele ouer is daar egter weinig geleentheid om sy stem uit te bring oor wat die onderwysdoelstellings syns insiens behoort te wees.

(c) Nederland

Wanneer 'n oorsig gebied word oor die oueraandeel in die onderwys in Nederland, moet daar onderskeid gemaak word tussen Rooms-Katolieke, Protestantse en Openbare Onderwys.

Wat betref die Openbare Onderwys word daar voorsiening gemaak vir ouerkommissies, ouerrade en skoolrade. Aan elke openbare skool is daar 'n ouerkommissie verbonde wat uit die ouers van die betrokke gemeenskap waarin die skool geleë is, gekies is. Die ouerraad omvat 'n aantal ouerkommissies, terwyl die skoolraad ook onderwysers en owerheidsamptenare as lede het. Al hierdie liggame beywer hulle vir die bevordering van die onderwys in hul skool of distrik. Vir sover die Rooms-Katolieke onderwys ter sprake is, word daar vir ouerkomitees voorsiening gemaak bestaande uit ouers van kinders in die betrokke skool. Voorts is daar twee om=vattender liggame te wete die Diosesane Ouerraad en die Katolieke Nasionale Ouerraad. Hierdie liggame beywer hulle in die besonder vir die bevordering van Katolieke onderwys.

Ten opsigte van die Protestants-Christelike onderwys bestaan daar geringe bereidheid om die totstandkoming van ouerkommissies te bevorder. Die rede is dat die skoolbestuur meestal deur lede van die skoolvereniging waarvan die ouers die grootste deel uitmaak, gekies word.

(d) België

Ook in België word daar tussen Rooms-Katolieke en Openbare Onderwys onderskei. Die Katolieke onderwysstelsel maak sedert 1926 voorsiening vir die instelling van skoolkomitees vir elke Katolieke skool. Alhoewel die plaaslike "pastoor" ex officio as voorsitter ageer en benoeming van lede aan goedkeuring van die kerklike owerheid onderworpe is, dien ook ouers, naas onderwysers en ander belanghebbendes, op hierdie komitees. Vir elke Katolieke sekondêre skool word sedert 1968 'n Direksieraad verkies. In hierdie

raad het die direksie van die skool, onderwysers, ouers en leerlinge verteenwoordiging, terwyl die regte en pligte van elke groep afge= baken is.

Ten aansien van die staatsonderwys blyk dat die ouers in resente tye al hoe meer aanspraak op regstreekse medeseggenskap in die bestuur van plaaslike skole maak. Vir dié doel bestaan daar vir elke skool 'n ouer-vereniging of -komitee. Vir die sekondêre skole word daar 'n skoolraad saamgestel waarin ook die ouers verteenwoor= diging het.

Dit blyk verder dat aan elke tegniese skool 'n bestuurskommissie verbonde is, die lede waarvan egter benoemde persone is. Ten slotte kan op die Assosiatiewe Beheerkomitees van staatskole ge= wys word waarop die ouers verteenwoordiging het. Sake waarin die ouers wel aanspraak het, is onder andere publisiteit, werwing van leerlinge, veiligheid, higiëne en skoolfunksies.

6.1.4 Sekere historiese momente om die aard van die verloop van die oueraandeel in die onderwysstelsels in Suid-Afrika te illustreer

(a) Die wyse waarop die ouers betrek is in die stigting, beheer en onderhoud van skole in die Kaapse onderwys= wese: 1652 - 1910

Nadat onderwyssake aanvanklik in die Kaapkolonie plaaslik in die hande van kerkrade was, is daar ten tye van Cradock se goewerneur= skap vir die instelling van distrikskoolkommissies voorsiening gemaak. Die pligte van hierdie kommissies is in 1827 behoorlik omskryf en in 1834 is aanbeveel dat vir elke skool 'n plaaslike skoolkommissie aangestel moes word. By wyse van hierdie skoolkommissies het daar egter weinig van oueraandeel in die onderwys tereg gekom aangesien die lede daarvan deur die Kaapse regering aangestel is.

Alhoewel daar mettertyd (1843) vir die sogenaamde derdeklas-of plaasskole voorsiening gemaak is vir gekose skoolkommissies het die toestand van sentrale beheer daartoe bygedra dat daar by die ouers weinig belangstelling was in plaaslike beheer in die skole.

Na verskeie onderwyskommissies egter met dié aanbeveling gekom het, is daar in 1905 besluit op die instelling van skoolrade waarvan twee-derdes deur stemgeregtigde kiesers gekies is en die res deur die goewerneur benoem sou word. Plaaslike skoolkommissies, nou deur die ouers verkies, sou egter voortbestaan. Met die instelling van laasgenoemde twee instansies en die stigting van ouer-onder= wyserverenigings waar nodig, is daar aan oueraandeel in die onder= wys in groter mate as voorheen beslag gegee.

(b) Die aandeel van die ouer in die tyd van die Zuid-Afrikaansche Republiek

Soos in die Kaapkolonie was die beheer van die onderwys in die ZAR aanvanklik in die hande van die plaaslike kerkrade. Alhoewel die ouers ook in die kerkraad verteenwoordig was, het hulle as eenheid geen direkte seggenskap in die onderwysgebeure gehad nie. In die grondwet van 1858 is voorsiening gemaak vir die instelling van plaaslike skoolkommissies en 'n algemene skool= kommissie. Aangesien landdroste en predikante ampshalwe lede van die plaaslike skoolkommissies was, het daar van outentieke oueraandeel weinig tereg gekom.

Volgens wetgewing in 1878 tree daar 'n verandering in in dié sin dat die landsburgers lede van die skoolkommissies kon verkies sodat die jare wat daarna volg, tot 1892 gekenmerk word deur plaaslike beheer in die onderwys. Alhoewel die ouers nie altyd die aandeel in die onderwys wat aan hul toegesê is, ten volle benut het nie, kan 'n verklaring daarvoor gevind word in die destydse sosio-ekonomiese, politieke en kerklike toestande.

(c) Die wyse waarop die ouers in die Natalse onderwys betrek was

Die Skoolkommissie van 1849 en die Kommissie van Onderwys van 1853 tot 1855 het die rigting aangedui vir die toekomstige aandeel van die ouer in die onderwys. Beide kommissies het die instelling van skoolkomitees aanbeveel en wel met die doel dat die belange van die ouers in die onderwys in groot mate daardeur gedien sou word. Alhoewel die aanbevole komitees mettertyd tot stand gekom het, was hulle 'n mislukking.

Ook die Selekkomitee van 1856 en die Raad van Onderwys van 1858 het die noodsaaklikheid van skoolkomitees beklemtoon: beide was egter van mening dat die lede aangestel en nie verkies moes word nie.

Ten tyde van die ampstermyn van dr. R.J. Mann as Superintendent van Onderwys in Natal is skoolkomitees aangestel, maar ook in hierdie skoolkomitees het outentieke oueraandeel nie vergestalting gevind nie. Gevolglik het die skoolkomitees mettertyd van die toneel verdwyn en het die ouers ná 1877 vir 'n lang tyd geen ampte=like mondstuk in die Natalse onderwyswese gehad nie.

(d) Die wyse waarop die ouers betrek is in die onderwys=stelsel van die Oranje-Vrystaat

Met die totstandkoming van die Oranjerivier-Soewereiniteit in 1848 is staatskole ingestel met 'n skoolkommissie vir elke skool. Hierdie praktyk is deur die Volksraad van die Republiek in 1855 voortgesit. Aanvanklik het die skoolkommissies uit 5 lede bestaan van wie 2 aangewys en die ander 3 uit die ouers gekies is. Metter=tyd is laasgenoemde 3 lede ook aangewys. Eers ná 1874 het ouers weer die reg gehad om in skoolkommissies te dien.

Alhoewel hierdie kommissies nie altyd doeltreffend gefunksioneer het nie en die ouers dikwels van belangeloosheid met betrekking tot die onderwys van hul kinders beskuldig was, blyk dit tog dat waar werklike beginselsake ter sprake was, die ouers hul stem laat hoor het.

### 6.1.5 Bestaande instellings wat vir die ouergemeenskap aandeel bied in die onderwysstelsels van die Republiek van Suid-Afrika

Oorsigtelik beskou, blyk dat daar in elk van die provinsies van die RSA statutêre liggame bestaan wat vir oueraandeel in die onder=wys voorsiening maak. Alhoewel die benaminge en sommige van die beskrewe funksies onderling verskil, word daar in die breë gesien dieselfde oogmerke deur hierdie liggame nagestreef. So byvoorbeeld word daar in elke provinsie voorsiening gemaak vir ouerandeel in die instandhouding en verbetering van skoolfasiliteite,

die beskikbaarstelling daarvan vir ander doeleindes as die onderwys= gebeure en die aanstelling en bevordering van onderwysers.

In Transvaal bestaan daar skoolrade, beheerrade, adviesrade en skoolkomitees waarvan eersgenoemde 'n oorkoepelende liggaam is, maar waarop die ouers van leerlinge in die provinsie verteen= woordig is. Die ander liggame is verbonde aan 'n besondere skool en behalwe vir die adviesrade word hul lede uit ouers van die be= trokke skool se leerlinge verkies.

Soos in Transvaal word ook die Oranje-Vrystaat in skooldistrikte verdeel, elk waarvoor 'n skoolraad verkies word. Voorts is aan elke openbare skool, uitgesonderd daardie skole waarvoor daar 'n beherende liggaam aangewys word (huishoud-, landbou-, handel- en tegniese skole), 'n skoolkommissie verbonde. Die funksies van genoemde statutêre liggame stem in 'n groot mate ooreen met dié in Transvaal.

Ook in Kaapland bestaan skoolrade, skoolkomitees en adviesrade. In teenstelling met Transvaal waar daar onderskei word tussen beheerrade en skoolkomitees vir sekondêre en primêre skole word skoolkomitees vir beide hierdie skoolvlakke in Kaapland ingestel.

Wat betref Natal bestaan daar vir elke staatskool 'n adviserende skoolkomitee waarvan die lede uit ouers van leerlinge van die betrokke skool verkies word. Vir beroeps- en landbouhoërskole bestaan daar egter adviesrade waarvan hoogstens drie lede uit ouers van leerlinge verkies word en hoogstens agt deur die Adminis= trateur aangestel word.

Op soortgelyke wyse as in Natal word daar in Suidwes-Afrika vir slegs een tipe statutêre liggaam vir gewone primêre en sekondêre skole voorsiening gemaak. Daar bestaan egter ook koshuiskomitees waarvan die lede uit die skoolkomiteelede verkies word vir daardie skole waaraan daar 'n koshuis verbonde is. Die aandeel waaroor genoemde koshuiskomitees in die onderwys beskik, is egter beperk aangesien hulle slegs in 'n adviserende hoedanigheid kan optree.

Benewens die hierbo genoemde statutêre liggame by wyse waarvan die ouergemeenskap aandeel in die onderwysgebeure kan verkry, bestaan daar ook ouer- en ouer-onderwyserverenigings aan daardie

skole in die verskillende provinsies waar 'n behoefte daarvoor is. Onderwysdepartemente en onderwysleiers is terdeë bewus van sowel die leemtes as die voordele wat in verenigings van hierdie aard gesetel is en waarsku dan ook teen die nie-deurdagte instelling daarvan.

## 6.2 AANBEVELINGS

### 6.2.1 Algemene aanbevelings

Daar is in die tweede hoofstuk van hierdie studie op geen dubbel=sinnige wyse aangetoon dat die ouer van 'n kind belang het by die opvoedende onderwys wat die kind by die skool ontvang. Hierdie belang van die ouer lê gewortel in die fundamenteel pedagogiese grondgegewens, naamlik dat die ouer die primêre opvoeder van sy kind is en dienooreenkomstig verantwoordelikheid daarvoor moet aanvaar. Daarby kan gevoeg word dat die Christenouer onder die gesag staan van die gelofte wat hy afgelê het met betrekking tot die godsdienstige opvoeding van sy kind. 'n Ouer wil derhalwe weet wat in die skool met sy kind gebeur, watter waardes en norme aan hom as navolgenswaardig voorgehou word, watter interpretasie deur middel van die vakinhoude aan aangeleenthede soos vader=landsgeskiedenis, wêreldgebeure, wêreldtendense wat sedes en kleredrag betref, gegee word. Nog meer: die ouer wil 'n mate van ingrypende mag besit. Die ouer wil die middele en kanale tot sy beskikking hê om 'n positiewe bydrae te lewer en om te kan protesteer of om beswaar te maak, indien nodig. Dit is in die lig van voorgaande argumente dat daar vir die ouer plek in die onderwys gemaak moet word.

Daar is egter ook 'n ander faset van die skoolgebeure waarby die ouer by uitstek belang het. Vir die ouer gaan dit daarom dat die middele wat beskikbaar gestel word ter voltrekking van die kind se volwaardige volwassewording, die doeltreffendste beskikbaar moet wees. In dié lig gesien is dit dan ook so dat elke ouer met reg daarop sal kan aanspraak maak dat die skool se fasiliteite wat betref die formele sowel as naskoolse (na-uurse) program toe=reikend sal wees. In die lig van die voorgaande betoog word dus aanbeveel dat -

(a) daar altyd vir die ouer in die onderwys voorsiening gemaak moet word om medeseggenskap te kan uitoefen met betrekking tot die lewensopvatlike momente en die vakinhoudelike soos wat dit aan die kind in die skool voorgehou en ontsluit word, en dat die ouer ook by wyse van aanbevelings 'n aandeel in die aanstelling van onderwyspersoneel moet hê;

(b) die ouer steeds aandeel sal hê in die toelating van sy kind tot bepaalde inrigtings vir formele onderwys, en

(c) die huidige bedeling, waarin daar vir die ouer geleentheid geskep is vir die toesig oor en uitbouing van die skoolfasiliteite, in beginsel behoue bly.

### 6.2.2 Aanbevelings met betrekking tot die kanale deur middel waarvan die oueraandeel kan vergestalt

Dit het uit hierdie studie geblyk dat daar veral langs twee kanale aan die ouer op konkrete wyse geleentheid tot medeseggenskap in die onderwys gebied word, te wete by wyse van die daarstelling van statutêre en nie-statutêre liggame. Vir sover dit statutêre liggame betref, is in die vyfde hoofstuk aangedui dat dergelike liggame veral voorsiening maak vir onder andere oueraandeel met betrekking tot -

(1) die infrastruktuur van die skoolwese (toesighouding oor skoolgeboue en dergelike aangeleenthede);

(2) die aanstelling en bevordering asook ontslag van onder=wyspersoneel (en derhalwe ook met betrekking tot die lewens- en vakinhoudelike wat deur hierdie personeel uitgedra word), en

(3) die toelating van leerlinge tot verskillende onderwys=inrigtings.

Op grond van hierdie gegewens wil dit dus lyk asof daar in die huidige tydsgewrig voldoende statutêre kanale geskep is by wyse waarvan daar aan die algemene oueraandeel, soos wat dit in die voorgaande afdeling bespreek is, uitvoering gegee kan word.

Dit val egter op dat daar in die onderskeie onderwysdepartemente nie eenvormigheid bestaan met betrekking tot benaminge van statutêre liggame nie en in samehang hiermee dat die funksies van dié betrokke liggame ook nie in alle opsigte duidelik omskryf is nie.

Die vraag is egter of daar met hierdie statutêre liggame en die mate van medeseggenskap wat dit vir die ouer bied, in die praktyk vol= staan kan word. Sodanige statutêre liggame skep ongelukkig nie altyd die intieme atmosfeer wat nodig is vir toereikende ouer-onderwysersamewerking nie en bied ook nie aan die indiwiduele ouer die geleentheid om 'n bydrae te lewer tot die gang van sake in die skool nie. Die mening word gehuldig dat doeltreffend ge= organiseerde en beheerde ouer- of ouer-onderwyserverenigings in hierdie verband 'n belangrike rol kan speel ten spyte van die nadele wat aan sodanige verenigings verbonde is en waarna in die voorgaande hoofstukke reeds verwys is.

Benewens die genoemde statutêre en nie-statutêre liggame by wyse waarvan ouers aandeel in die onderwys kon verkry, is daar in hier= die verslag na die bestuur van sogenaamde keurrade verwys. Alhoewel hierdie rade nie vir ouerlidmaatskap voorsiening maak nie, vervul hulle nogtans 'n sodanige belangrike funksie met be= trekking tot die aandeel wat die ouers in die aanstelling van onder= wysers het, dat die instelling van sulke keurrade in al die provin= sies bepleit word. Op dié wyse sal verseker word dat onreëlmatige aanstellings, in dié sin dat persone wat nie bekwaam of goed ge= noeg vir die pos opgelei is nie, deur die ouers aanbeveel word.

In die lig van die voorgaande word dus aanbeveel dat -

(a) die bestaande statutêre liggame wat vir oueraandeel in die onderwys voorsiening maak, gehandhaaf word nadat die nodige aanpassing ter wille van eenvormigheid geskied het;

(b) daar in al die provinsies keurrade aangestel word wat ten doel het om meer sinvolheid aan die aanbevelings te gee wat die Verteenwoordigende Ouerliggame met betrekking tot die aanstelling van hoofde en vise-hoofde maak, en

(c) daar ouer-onderwyserverenigings gestig word waar daar

'n behoefte aan bestaan, maar dat hoofde van skole heelwat meer moet doen om belangstelling by die ouers in sodanige liggame te wek sodat die ouers tot optimale medebetrokkenheid by die onder=wys aangemoedig kan word.

6.2.3 Besondere aanbevelings ten opsigte van statutêre liggame

(a) Voorstelle dat uniformiteit gehandhaaf word

In die lig van die voorgaande word dus aanbeveel dat die bestaande statutêre liggame wat vir die oueraandeel in die onderwys voorsiening maak, gehandhaaf word met dien verstande dat -

(1) daar tot groter eenvormigheid gekom word met betrekking tot die bestaan en benaminge van die onderskeie statutêre liggame waarop ouers verteenwoordig is, sodat onduidelikheid en verwar=ring uitgeskakel kan word, en

(2) die funksies van hierdie statutêre liggame breedvoerig en duidelik uiteengesit word, en dat daar eenvormigheid deur die verskillende onderwysdepartemente, met die uitsondering van sekere skole van die Departement van Nasionale Opvoeding, ge=handhaaf sal word.

(b) Voorstelle hoe uniformiteit bereik kan word

Ten opsigte van bogenoemde word die volgende vir oorweging voorgestel:

(1) Met betrekking tot benaminge

Die benaminge van statutêre liggame wat vir ouerverteenwoordiging voorsiening maak, moet beperk word tot skoolrade, verteenwoordig=ende ouerrade en adviesrade.

Skoolrade sal dié rade wees wat saamgestel is uit ver=teenwoordigers van ander ouerliggame binne 'n spesifieke afge=bakende skoolraadsdistrik (of komprehensiewe eenheid) wat al die

skole in sy distrik verteenwoordig.

Verteenwoordigende Ouerrade sal dié liggame wees wat aan skole vir pre-primêre, primêre en sekondêre onderwys of kom= binasies daarvan verbonde is en wat deur en uit die ouergemeenskap van die betrokke skool gekies word. 'n Voorbehoudsbepaling is dat die ouers van die kinders in die betrokke skool binne die grense van 'n skoolraadsdistrik woonagtig moet wees.

Adviesrade sal dié liggame wees wat daardie skole verteenwoordig wat onderwys verskaf aan kinders wat uit verskillende skoolraadsdistrikte afkomstig is en waar dit vir die ouers van dié leerlinge moeilik is om verkiesings of vergaderings by te woon weens die groot afstande wat afgelê moet word. Die lede van hierdie rade moet deur die Direkteur van Onderwys benoem word, met dien verstande dat bevoegde ouers van leerlinge van die betrokke skool wat in die omgewing woonagtig is in aanmerking geneem moet word.

Die naam Verteenwoordigende Ouerraad word bo Beheerraad of Beherende liggaam verkies aangesien die ouerverteenwoordigers in werklikheid nie beheer oor alle skoolse aangeleenthede uitoefen nie. As motivering vir die keuse van die naam "Verteenwoordigende Ouerraad" bo die bestaande name kan aangevoer word dat die ver= kose naam geen verwarring sal skep ten opsigte van primêre of sekondêre skole soos moontlik die geval sou wees indien enige een van die bestaande name behoue bly nie. Die bestaande be= naminge word byvoorbeeld in sommige provinsies aan primêre of sekondêre skole gekoppel, terwyl die voorgestelde benaming voor= siening moet maak vir albei skooltipes asook vir gekombineerde skole. Die voorgestelde naamkeuse is dus nodig indien 'n uniforme stelsel vir die Republiek van Suid-Afrika en Suiwes-Afrika inge= voer moet word, aangesien sommige skole primêre en sekondêre afdelings onder een dak huisves.

(2) Met betrekking tot bevoegdhede en pligte

Ten einde uniformiteit ten opsigte van die bevoegdhede en pligte van rade te verkry, word die volgende enkele bevoegdhede en pligte as gemeenskaplike basis vir al die ouerliggame van die Provinsiale

Onderwysdepartemente voorgestel.

a. Ten opsigte van die Skoolrade

(i) Adviseer die Direkteur in verband met die stigting en sluiting van skole.

(ii) Adviseer die Direkteur in verband met die voorsiening van terreine en geboue.

(iii) Is verantwoordelik vir die versorging en/of instandhouding van geboue, ameublement, uitrusting, persele en wat daarby hoort.

(iv) Het die reg om geboue te betree in oorleg met die skool=hoof maar mag nie met die onderwysers se werksaamhede inmeng nie.

(v) Adviseer die Direkteur in verband met die instelling en onderhoud van vervoerskemas.

(vi) Beveel by die Direkteur die raadsaamheid daarvan aan om die toelating van leerlinge tot enige inrigting wat bestaan of voor=sien gaan word, te beperk.

(vii) Is verantwoordelik vir die toepassing van die bepalings van die Ordonnansie met betrekking tot verpligte skoolbesoek.

(viii) Oorweeg alle sake wat deur 'n Verteenwoordigende Ouerraad of die Direkteur aan hom voorgelê word en kan aanbevelings daaroor doen.

(ix) Besit geen bevoegdheid betreffende die aanstelling van onderwysers nie.

b. Ten opsigte van die Verteenwoordigende Ouerrade en Adviesrade

(i) Oorweeg aansoeke en doen aanbevelings by die Direkteur

in verband met die permanente aanstelling van onderwysers.

(ii) Doen aanbevelings in verband met -

1. die bevordering van 'n onderwyser tot 'n hoër gegradeerde goedgekeurde pos by die betrokke skool;

2. die oorplasing van 'n onderwyser van elders na die betrokke skool wat onder die Verteenwoordigende Ouerraad/Adviesraad ressorteer, en

3. die versoeke insake die oorplasing van 'n onderwyser van die betrokke skool na 'n ander skool.

(iii) Ondersoek skriftelike klagtes van wangedrag teen onder=wysers en doen aanbevelings aan die Direkteur.

(iv) Beveel aan dat die Direkteur ondersoek instel na 'n onder=wyser se bevoegdheid.

(v) Doen stappe om 'n leerling se besoek by sodanige inrigting permanent of tydelik te weier.

(vi) Weier of staan die gebruik van geboue of persele buite skoolure vir enige ander doel as skooldoeleindes toe.

(vii) Doen aanbevelings aan die Skoolraad met betrekking tot die uitbreiding en instandhouding van onderwysgeriewe.

(viii) Het die reg om geboue te betree in oorleg met die skool=hoof maar mag nie met die onderwysers se werksaamhede inmeng nie.

(ix) Besluit in oorleg met die hoof oor die besteding van fondse waaroor die betrokke skool beskik.

(x) Ondersoek alle klagtes of vertoë wat skriftelik aan hom gerig word en doen aanbevelings in dié verband of beslis in die geval van sake van minder ernstige aard.

(xi) Ondersoek enige aangeleentheid wat deur die Direkteur

aan hom opgedra word.

(xii) Doen jaarliks verslag aan 'n ouervergadering wat vir die doel saamgeroep word.

(xiii) Wys 'n verteenwoordiger in die Kieskollege aan met die oog op die verkiesing van 'n Skoolraad.

## 6.3 SLOTOPMERKING

In hierdie studie is gepoog om enersyds lig te werp op dit wat ten grondslag lê aan die ouer se aandeel in die onderwys en andersyds om 'n beskrywing te gee van moontlike kanale of weë waarlangs sodanige oueraandeel in die praktyk verwerklik kan word. Voorts is daar ook 'n uiteensetting gebied van wat oueraandeel in die onder=wys werklik beteken en wat die implikasies daarvan vir die ouer en die onderwyspraktyk is. Daar word vertrou dat hierdie studie die noodwendige medeseggenskap van ouers in die onderwys doeltreffend sal toelig.

## LITERATUURLYS


1. ALBRECHTS, J.
   Medezeggenschap van de ouders in het onderwijs. _In: Medezeggenschap in het onderwijs._ Verslag Nationaal Studieweekend. April 1971. K.W.B.-Nationaal Secretariaat, Brussel, 1971: 11 - 29.

2. CORNELLISEN, A.J.M.
   _De plaats en de taak van de ouders bij de onderwijs=vernieuwing._ Helmond, 1966.

3. DE AGUIRE, J.
   Feitelijke toestand over medezeggenschap van ouders in het onderwijs. _In: Medezeggenschap in het onderwijs._ Verslag Nationaal Studieweekend. April 1971. K.W.B.-Nationaal Secretariaat, Brussel, 1971: 58 - 70.

4. DU PREEZ VAN WYK, A.H.
   _Die invloed van die Engelse skoolwese op die Kaapse skoolwese, 1806 - 1915._ Pretoria, Van Schaik, 1947.

5. FOURIE, J.J.
   Die ouer-onderwyservereniging. _Onderwysblad_ 76(828), Julie 1969: 156 - 159.

6. FREUDENTHAL-LUTTER, S.J.C.
   Samenwerking tussen gezin en school in de Verenigde Staten. _Onderwijs en Opvoeding_ 15(10), 1964: 193 - 199.

7. GEZINSRAAD.
   _Rapport: Georganiseerde samenwerking tussen gezin en school._ Groningen, Wolters, 1962. (Rapport uitgebracht door de gezinsraad.)

8. GREEN, L.
   _Parents and Teachers._ London, George Allen and Unwin Ltd., 1968.

9. HALL, M.M.
Provisions governing membership on local boards of education. US Department of Health, Education and Welfare, Office of Education, Washington, US Govern= ment Printing Office, 1957.

10. KAAP DIE GOEIE HOOP.
Brief aan Nasionale Onderwysraad. (Afskrif.) 17.12.1969.

11. KAAP DIE GOEIE HOOP.
Ordonnansies. Onderwysordonnansie no. 20 van 1956. Provinsiale Raad, 1956.

12. KAAPLANDSE ONDERWYSDEPARTEMENT.
Betekenisvoller samewerking tussen onderwysers en ouers by elke skool in die Republiek van Suid-Afrika. Kommentaar van die Kaaplandse Onderwysdepartement.

13. KAMPMüLLER, O.
Das Miszverständnis zwischen Eltern und Lehrern. München, Reinhart, 1964.

14. KIESTRA, L.
Gezin en school. Onderwijs en Opvoeding 15(10), 1964: 182 - 187.

15. LANGEVELD, M.J.
Tussen gisteren en morgen. In: Een bundel gedachten. Jubileum red., 1963.

16. LANGEVELD, W.
Samenwerking tussen gezin en school in Oost-Duitsland. Onderwijs en Opvoeding. 15(10), 1964: 188 - 192.

17. LINDE, A.A.
Die geskiedenis van die onderwys in die Oranje-Vrystaat met spesiale verwysing na die ontwikkeling van moeder= taalonderwys. Ongepubliseerde proefskrif. Universiteit van Stellenbosch, 1938.

18. MALAN, P.S.
Openbare onderwys vir Blankes in die Oranje-Vrystaat, 1874 - 1899. Ongepubliseerde proefskrif. Potchef= stroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1957.

19. NATAL.
Regulasies no. 554 van 1970. Pietermaritzburg, Provinsiale Raad, 1970.

20. OBERHOLZER, C.K.
Ons en ons kinders. Besinning oor die verhouding ouer-kind. Pretoria, Van Schaik, 1957.

21. OBERHOLZER, C.K.
Prolegomena vir 'n prinsipiële pedagogiek. Kaapstad, HAUM, 1968.

22. ORANJE-VRYSTAAT.
Ordonnansies. Onderwysordonnansie no. 20 van 1954 soos gewysig. Bloemfontein, Provinsiale Raad, 1954.

23. ROOS, S.I.W.
Plaaslike beheer in die onderwys in die Zuid-Afrikaansche Republiek 1852 - 1899. Ongepubliseerde proefskrif. Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onder= wys, 1955.

24. STEENKAMP, L.S.
Onderwys vir Blankes in Natal 1824 - 1940. Pretoria, Van Schaik, 1950.

25. SUIDWES-AFRIKA.
Onderwysdepartement. Brief E 9/4/1/5. 6 Mei 1971.

26. SUIDWES-AFRIKA.
Onderwysdepartement. Die skoolkomitee. Inligtingstuk van die Onderwysdepartement. Windhoek, s.j.

27. TRANSVAAL.
Onderwysdepartement. Die skoolkomitee en sy betekenis. Hersien, 1958.

28. TRANSVAAL.
Onderwysdepartement. Inligtingstuk. s.j.

29. TRANSVAAL.
Onderwysdepartement. Plaaslike bestuur van onderwys=inrigtings. Inligtingstuk van TOD. Ongedateer.

30. VAN DER STOEP, F. en VAN DER STOEP, O.A.
Didaktiese oriëntasie. Pretoria, Academica, 1968.

31. VAN TONDER, J.J.
Onderwysontwikkeling aan die Witwatersrand tot 1899. Ongepubliseerde proefskrif. Universiteit van Pretoria, 1950.

32. VAN ZOEST, J.
Samenspel ouders en leerkrachten in oudercommissie en schoolraad. Onderwijs en Opvoeding 21(1), Jan. 1970: 15.

33. WEAVER, C.E.
Parent-teacher communication. Childhood Education 44(7), March 1968: 420 - 423.

## RGN-PUBLIKASIES SEDERT 1 JULIE 1977
## HSRC PUBLICATIONS SINCE 1 JULY 1977

'n Volledige lys van RGN-publikasies is op aanvraag verkrygbaar. Eksemplare van publikasies wat uit druk is, kan deur biblioteekdienste verkry word.

A complete list of HSRC publications is available on request. Copies of publications which are out of print can be obtained through library services.

### GESKIEDENIS/HISTORY

KOTZÉ, H.P. Geslagsregister van Theunis Johannes Kotzee en Maria Gloudina Louw. 1978 R7,20

VAN DER BIJL, JOHANNES Die familie Roux. 1978 R11,15

FERREIRA, O.J.O. Krijgsgevangenschap van L.C. Ruijssenaers. 1978 R8,00

### INLIGTING/INFORMATION

HUMANITAS - Vol. 4 No. 2 Tydskrif vir navorsing in die geesteswetenskappe. 1978 R6,75

HUMANITAS - Vol. 4 No. 2 Journal for research in the human sciences. 1978 R6,75

JAARVERSLAG - Verskyn jaarliks. Gratis.

ANNUAL REPORT - Published once a year. Gratis.

IN-30 GEGGUS, C. Toekennings beskikbaar vir nagraadse studie in die RSA en in die buiteland/Awards available for post-graduate study in the RSA and overseas. RGN Voorligtingsreeks VR-8/HSRC Guidance Series GS-8. 1977 R4,05

IN-31 COETZEE, C.J.S. *en* GEGGUS, CAROLINE Opleiding en beroepsgeleenthede vir skool-verlaters voor standerd tien. RGN Voorligtingsreeks VR-3. 1978 R1,65

IN-31 COETZEE, C.J.S. *and* GEGGUS, CAROLINE Training and career opportunities for school-leavers before standard ten. HSRC Guidance Series GS-3 1978 R1,65

### KOMMUNIKASIE/COMMUNICATION

KOMM-14 DU PREEZ, P.H. 'n Ondersoek na tydbenuttings- en agtergrondfaktore wat verband hou met die studiegewoontes en -houdings van standerd agt-leerlinge: 'n Voortelevisie-opname. 1978 R2,30

### MANNEKRAG/MANPOWER

MM-65 SMIT, P.C. Die arbeidsituasie van ingenieurstegnici in die RSA. 1977 R1,85

MM-66 WESSELS, DINA, M. Vroue in bedryfswerk. 1977 R1,80

MM-67 EBERSOHN, D. Beroepsfunksies van argitekte in 1976. 1977 R3,50

MM-68 LOTZ, J.W. The role, function and training of Black first-line supervisors in some decentralized industries. 1977 R2,45

MM-69 CILLIERS, G.J. Die werksituasie van nuwe toetreders tot die arbeidsmag. 1977 R2,50

## TALENTOPNAME/TALENT SURVEY

MT-40 ROOS, W.L. Projek Talentopname: Navorsingsbevindings - 1976. 1977 R0,60

MT-40 ROOS, W.L. Project Talent Survey: Research findings - 1976. 1977 R0,60

MT-41 SCHOEMAN, W.J. Die voorspelling van skolastiese sukses. 1978 R4,40

MT-42 BESTER, C.L. Persoonlikheidsvergelykende studie van voorstanders en teenstanders van lyfstraf. 1978 R1,30

## NAVORSINGSONTWIKKELING/RESEARCH DEVELOPMENT

NAVORSINGSBULLETIN - Verskyn tien keer per jaar.
RESEARCH BULLETIN - Ten issues per annum.

RSA 2000 - Gesprek met die toekoms. Veskyn twee keer per jaar.

RSA 2000 - Dialogue with the future. Two issues per annum.

Kwic-indeks van Navorsingsbulletins, Volume 6 1976. 1977
Kwic Index of Research Bulletins, Volume 6 1976. 1977

Kwic-indeks van Navorsingsbulletins, Volume 7 1977. 1978
Kwic Index of Research Bulletins, Volume 7 1977. 1978

## OPVOEDKUNDE/EDUCATION

0-9 VENTER, H.C.A. The place of the school library in education. 1977 R1,15

0-14 BIEBUYCK, L.J.T. Introduction of a third and fourth language in South African schools. 1973 (Reprint 1977) R2,65

0-44 DE VAAL, D.J. *en* VAN DEN BERG, D.J. Die ontwerp en toepassing van kriteria vir die samestelling van gedifferensieerde wiskundesillabusse. 1978 R2,30

0-44 DE VAAL, D.J. *and* VAN DEN BERG, D.J. Design and implementation of criteria for the compilation of differentiated Mathematics syllabuses. 1978 R2.30

0-55 ENGELBRECHT, S.W.H. Drug abuse as an educational problem. 1977 R1,95

0-56 STRYDOM, A.E. Drug abuse as a problem of self-realization. 1977 R1,30

0-57 GOUWS, M. Education for mentally highly gifted pupils: A preliminary study. 1977 R1,45

0-59 VENTER, H.C.A. Equal remuneration for men and women in the teaching profession. 1977 R2,15

0-59 VENTER, H.C.A. Gelyke besoldiging vir mans en vroue in die onderwys. 1977 R2,15

0-63 NEL, A. Verantwoordelikheid: 'n Opvoedkundige perspektief. Deel 1: 'n Struktuuranalise van verantwoordelikheid. 1977 R1,85

0-64 NEL, A. Verantwoordelikheid: 'n Opvoedkundige perspektief. Deel 2: Verantwoordelikheid van die Bantoe binne Westerse kultuurverband. 1977 R2.35

0-64 NEL, A. Responsibility: An educational perspective. Part 2: Responsibility of the Bantu in a Western Cultural context. 1978 R1,75

0-65 SPIES, P.G. VAN Z. Professionele beheeruitoefening oor die onderwysberoep in die RSA. 1977 R1,30

0-65 SPIES, P.G. VAN Z. Professional control over the teaching profession in the RSA. 1978 R0,95

0-68 FOURIE, W.N. Leeshulpverlening: Verskillende benaderingswyses. 1977 R1,85

0-69 HAASBROEK, J.B. Leerteorië. Deel 1: Leerteorië vanaf die klassieke filosofie tot die veldteorie van Kurt Lewin. 1978 R5,20

0-71 VAN DEN BERG, D.J. Navorsingstendense met betrekking tot die onderrig van Wiskunde in enkele Westerse lande. 1977 R1,00

0-72 BEUKES, J.H. Skoolvoorligting in Oostenryk. 1977 R0,95

0-73 MAAT, S.J. Leesonderrigmetodiek van Afrikaans. 1977 R2,10

0-74 NEL, A. Verantwoordelikheid: 'n Opvoedkundige perspektief. Deel 3. Opvoeding van die Swartkind. 1978 R11,10

0-74 NEL, A. Responsibility: An educational perspective. Part 3. The education of the Black child. 1978 R11,40

0-76 LIEBENBERG, C.R. Die implementering van televisie by onderwysersopleiding in die RSA. 1978 R2,05

0-79 CARSTENS, J.H. Skoolvoorligting in Frankryk. 1978 R1,40

**PSIGOMETRIKA/PSYCHOMETRICS**

P-15 DE VILLIERS, L. Design and standardization of the senior aptitude tests for Indian South Africans. 1977 R3,15

P-16 KRITZINGER, L.J.R. Construction and standardization of a scholastic achievement test for English first language standard 6. 1977 R2,35

P-18 KRITZINGER, L.J.R. Report on the scholastic achievement test for English second language standard I. 1978 R4,75

P-20 MARITZ, J.D.G. Tegniese verslag oor die gestandaardiseerde skolastiese prestasietoetse in Afrikaans tweede taal vir standerds 5, 6 en 7. 1978 R3,95

**SOSIOLOGIE, DEMOGRAFIE EN KRIMINOLOGIE/SOCIOLOGY, DEMOGRAPHY AND CRIMINOLOGY**

S-47 SMEDLEY, LINDA N. Czechoslovakian refugees in Pretoria: A follow-up study. 1977 R2,10

S-49 STRIJDOM, H.G. *en* SCHURINK, W.J. Primêre viktimisasie in Soweto. 1977 R1,50

S-51 VAN DER BURGH, C. Smoking and drinking patterns of Whites: 1975. 1978 R1,30

S-53 GROENEWALD, H.J. Fertility and family planning in Atteridgeville: Data for 1969, 1974 and 1975. 1978 R1,15

S-54 LÖTTER, J.M. Certain aspects of human fertility in rural Bophuthatswana. 1978 R0,95

RGN BIBLIOTEEK | HSRC LIBRARY

**STATISTIEK/STATISTICS**

WS-20 VAN RENSBURG, F.A.J. Graduation trends for Non-Whites at South African universities 1960-1975, with projections to 1990. 1977 R4,50

WS-21 VAN RENSBURG, L.S.J. Onderwystendense: Statistiek sedert 1910. $A_2$ Kleurlingstudente aan universiteite. 1977 R2,80

**TAAL, LETTERE EN KUNS/LANGUAGES, LITERATURE AND ARTS**

TLK/L-5 SCHEFFER, P. Stedelike Blanke Suid-Afrikaners se koop-, leen- en leesgewoontes met betrekking tot boeke. 1977 R4,35

TLK/L-6 HAUPTFLEISCH, T. Language loyalty in South Africa Volume I: Bilingual policy in South Africa - Opinions of White adults in urban areas. 1977 R3,65

TLK/L-7 SCHURING, G.K. 'n Veeltalige Samelewing: Deel 2. Afrikaans en Engels onder Swartmense in die RSA. 1977 R1,40

BOTHA, ROSALIE *en/and* VILJOEN, WILMA. Bronnegids vir Toneel, Ballet, Rolprente, Hoorspele en Televisie. Nuwe reeks, deel IV/Source Guide for Drama, Ballet, Films, Radio Plays and Television. New Series, volume IV, 1973. 1977 R4,40

VILJOEN, WILMA. Bronnegids vir Toneel, Ballet, Rolprente, Hoorspele en Televisie. Nuwe reeks, deel V/Source Guide for Drama, Ballet, Films, Radio Plays and Television. New Series, volume V 1974. 1977 R5,25

NIENABER, G.S. *en* RAPER, P.E. Toponymica Hottentotica A** H-Z. Naamkundereeks nr. 7 1977 R12,00

JOUBERT, ESTER. Bronnegids by die studie van die Afrikaanse taal en letterkunde. Nuwe reeks, deel 4. 1977 R2,75

TLK/L-8 HAUPTFLEISCH, T. Language loyalty in South Africa. Volume 2: Using and improving usage in the second language - some opinions of White adults in urban areas. 1978 R3.65

ISBN 0 86965 518 3

V&R Pta.